Liewe Intersessor
Die einde van die jaar is op hande. Aan die een kant het die land nie veel verander nie. Sommige voel ons het vordering gemaak polities en ekonomies en ander is weer baie negatief oor die situasie in die land. Die wêreld-sokkerbeker is op hande en daar is 'n goeie buitelandse belangstelling en voorbereidings wat getref word in ons land. Dit is belangrik dat die Kerk deel sal wees van hierdie proses en ook ernstig daarvoor sal bid. Ons het 'n nuwe President en 'n nuwe regering. Nuwe leiers moet nou hul voete vind in hulle nuwe posisies en leer om die werk te doen en sinvolle besluite te neem. Dit is ons verantwoordelikheid om met groot toewyding vir die regering te bid, dit is immers ons opdrag uit **1 Tim.2:1-3**.

Baie bidders word moeg langs die pad. Baie wonder of dit regtig help om te bid, want van die huwelike waarvoor hulle bid, val steeds uitmekaar, geliefdes het gesterf en kinders het hulle rug op God gedraai en wil met Hom niks te doen hê nie. Tog moet ons mekaar aanmoedig en nie in die sonde van ongeloof verval nie. Kom staan naby God en vertrou Hom. Baie dinge sal ons nooit verstaan nie en wat ons nie verstaan nie, kan ons in God se sorg laat. Hy weet wat Hy doen. Daar is heeltemal genoeg om te doen wat ons wel weet vir ons nodig is om te doen. En daar is genoeg rede dat ons wel verstaan om aan te hou om Hom te volg. Kom ons doen en leef vanuit dit wat ons wel weet om te doen en wat ons wél verstaan.

Ondersteuning in 2009
'n Groot dankie aan almal wat ons in 2009 ondersteun het. Sommige het finansieel bygedra, ander het vir en saam met ons gebid. Nog ander het 'n e-pos of brief van bemoediging geskryf of ons met 'n telefoonoproep bemoedig. Dankie daarvoor. Tot sover het die Here voorsien en ons gehelp. Reeds vir 28 jaar voorsien Hy maand vir maand. Ek moet eerlik wees: ek is nog elke keer benoud wanneer die einde van die maand kom en daar is net te min geld. En dan, wanneer die eerste week van die maand verby is en die rekeninge betaal is, is daar altyd 'n verwondering dat God weer voorsien het. Die probleem is gewoonlik dat as dit "my" bediening is, is dit mý verantwoordelikheid om die finansies te genereer. As die bediening egter God se bediening of werk is, neem God altyd verantwoordelikheid om te voorsien.

Die persoon wat omgee, sal bid én doen
Daar is 'n groot misverstand wanneer dit kom by "om te bid" aan die een kant en om "prakties iets aan ander se nood te doen" aan die ander kant. Daar is mense wat doen sonder om te bid en daar is mense wat bid sonder om te doen. Beide is verkeerd.

Bid het in 'n sekere sin 'n goedkoop woord geword. Eintlik is dit al vir baie lank 'n goedkoop woord. Ons probeer dikwels ons verantwoordelikheid om by mense se nood betrokke te wees, weg te skuif met 'n "ek sal vir jou bid." Dit is nie die soort bid waarvan ek praat nie. Daar is 'n tipe bid, waar jy regtig vir iemand of 'n saak bid. Dit vra eerstens van jou tyd. Tyd is juis die ding wat ons nie wil gee nie. Ons beskou ons tyd as ons eie en daarom sal ons dikwels hoogstens die persoon vir wie ons belowe het om te bid, se naam in ons gebed noem maar daarna met ons eie gebedsversoeke aangaan. Maar ware gebed vir ander vra ook dat ek as priester voor die troon van God sal gaan staan en vir die persoon sal intree, vir genade, leiding en uitkoms sal bid, afhangende van die nood en behoefte van die persoon.

Dit beteken ook dat ek sal aanhou met bid totdat daar 'n antwoord of deurbraak is. Wanneer ek belowe om vir iemand te bid, beteken dit min of meer: "Ek sal met God oor die saak gaan praat, ek sal wag vir Sy antwoord en voor Hom bly staan in gebed totdat die saak afgehandel is." Dit is dus nie 'n goedkoop "commitment" wat ek maak as ek vir iemand sê ek sal vir hom/haar bid nie.

Wanneer ek bid en met God praat, moet ek ook luister, want in gebed praat God ook met my. Dit is in hierdie tye wanneer God met ons praat dat Hy ons oortuig van dinge wat ons moet doen, waarby ons betrokke moet raak, waar ons ander moet gaan dien, en ook dit wat ons nie meer moet doen nie,. Dit is die "gevaarlike" deel van

gebed. Gebed wat nie tot aksie lei nie, is gebed waar jy "gebid" het, maar nie regtig na God geluister het en gehoor het wat Sy antwoord op jou gebede was nie en ook nie gehoor het wat Hy gaan doen en van jou verwag om te doen nie.

As jy omgee, sal jy bid. Medemenslikheid is om te bid. Dit is om vir die nood van die wêreld te bid, wat veral beteken dat jy vir mense moet bid. Om in die algemeen vir kinders sonder kos te bid, is een ding, maar om vir 'n spesifieke kind met 'n naam en 'n gesig wat honger is te bid, is iets anders. Dieselfde geld vir 'n verkragte vrou, 'n enkelouer ma, 'n werklose pa, 'n misdadiger in die tronk.

Wanneer jy vir iemand bid, bid totdat jy met jou hart die nood van die persoon kan aanvoel én totdat jy God se hart vir die persoon kan voel. Doen dan wat God jou wys om te doen. Dit is ware Christenskap.

Fokusse vir die volgende 3 maande
Ons fokus in Desember op herlewing. Daar is vyf-en-twintig kort stories oor herlewings uit die geskiedenis. Ons geslag weet nie meer van die groot dade van God oor die laaste 300 jaar nie. Dit beteken nie dat daar niks gebeur het nie, ons vertel dit net nie meer oor nie. Jesus Christus is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde – daarom kan ons verwag dat wat Hy in die verlede gedoen het, Hy weer in ons dag kan doen en ons glo, weer sál doen. In Januarie 2010 fokus ons op die Woord van God; dat die gesag van die Woord in ons lewens herstel sal word, vir 'n nuwe honger na die Woord en dat die Gees van God die Woord vir ons sal oopbreek. Gedurende Februarie is die fokus op die werking van die Heilige Gees in ons eie lewens en ook in die Kerk. Ons vertrou dat die inligting vir jou sinvol sal wees en dat jy met groot geloof en toewyding sal bid. Onthou: God antwoord gebed. Soms 'antwoord Hy nie' omdat daar sonde in ons lewens is, of wag Hy met die antwoord tot ons gereed is om die antwoord te kan hanteer. Dit is altyd ons verantwoordelikheid om te bid en God se verantwoordelikheid om te antwoord. Wanneer ons volgens Sy Woord en die beloftes uit Sy Woord bid én leef, kan ons seker weet, Hy sál ons antwoord.

Geseënde Kersfees. Mag Jesus Homself in hierdie dae as Seun van die Mens, as Here en as God aan ons openbaar.

Ef.3:20
Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Wat is aanlyn?

www.FaithComesByHearing.com
Faith Comes By Hearing het 'n kort program wat minder as 12 minute duur, geproduseer om mense te help om die Bybel te gebruik en na die Paasverhaal in dramatiese oudioformaat te luister.

http://www.findabible.net
Find A Bible, is 'n nuwe interaktiewe webruimte wat maklike toegang tot die Bybel verleen in meer as 3 000 tale. Dit verskaf die mees omvattende en aktuele databasis wat beskikbaar is vir Bybels en Skrifgedeeltes in meerderheids- en minderheidstale.

http://www.world-bibles.org/
Die *World Bibles* webruimte het 'n lys van oor die 16 000 Bybels. Die nuwe *World Bibles* webruimte wat so pas deur *Wycliffe Associates UK*, vrygestel is, fokus daarop om immigrante-groepe wêreldwyd te help om Bybels in hulle eie tale te bekom. Die webruimte is slegs 'n indeks wat webverwysings na bestaande ruimtes op die Internet verskaf en het nie op die webwerf self kopieë van Bybels nie. Die webwerf kan tans in tien verskillende tale gelees

word met die doel om nie-Engelssprekende gebruikers te help (veral groepe immigrante – mense wat nie in hul land van herkoms woon nie), en meer tale word gereeld bygevoeg.

Het jy geweet?

JESUS Film

Elke vier sekondes dui iemand êrens in die wêreld aan dat hy besluit het om Christus te volg nadat hy die *JESUS Film* gesien het. Dit beteken 21 600 mense per dag, 648 000 per maand en meer as 7,8 miljoen per jaar! Wat deur sommige as "een van die besbewaarde geheime in Christelike sending" beskou word, word deur sendingkundiges beskou as een van die grootste evangeliese hulpmiddels van alle tye. Sedert 1979 het die vertoning van die *JESUS Film* (gebaseer op die evangelie van Lukas) tot gevolg gehad dat meer as 225 miljoen mense 'n besluit geneem het om Jesus te volg. Dit is nou vertaal in meer as 1 050 tale met 'n nuwe taal wat elke week bygevoeg word. (Webruimte: http://www.jesusfilm.org/).

Burundi: President maak oorgawe aan God

Die President van Burundi, Pierre Nkurunziza, sê dat hy in 1997 die Here gevind het nadat hy in 'n landelike gebied 'n Bybel van 'n leraar ontvang het. "Ek het begin om die Bybel van die begin tot die einde deur te lees. Toe ek klaar is, is ek gered. Dis al." Hy het begin om ander rebellielede na Christus te lei en sê dat God sy lewe gespaar het na 'n byna noodlottige skietaanval. Hy het vier maande lank weggekruip sonder dat iemand sy wonde versorg het. Toe hy terug is by sy troepe – wonder bo wonder lewendig – het hy vir hulle gesê dat hulle God eerste in hulle beweging moet stel as hulle hom as leier wou behou. (Webruimte: http://www.joelnews.org/).

Ateïstiese vader se gebede beantwoord!

Natalie het drie maande te vroeg in kraam gegaan en gevind dat daar in haar tuisdorp geen geriewe was vir die hospitalisasie van 'n premature baba nie. Pogings deur Kanadese amptenare om hulp vir die gesin te kry, het 'n groot impak op die baba se pa gehad. "Ek was 'n ateïs", het hy in 'n telefoniese onderhoud gesê. "Nou oorweeg ek dit om kerk toe te gaan en 'n Gelowige te word. Daar moet iemand daar bo wees wat besig is om ons klein dogtertjie te red." Hy het opgestaan om vir sy dogtertjie te bid en daardie selfde dag het hy en sy vrou gehoor dat hulle dogtertjie die vorige dag van die suurstofmasjiene afgehaal is. "Dit is genoeg vir my om 'n Gelowige te word," het hy gesê. (*Breaking Christian News*. E-pos: editor@breakingchristiannews.com).

Nie-Christen Irakiërs kyk Christen Televisie

'n Nuwe opname het getoon dat 5,3 miljoen Irakiërs Christelike satellietprogramme op *SAT-7* kyk, 'n Christen Televisie-bediening wat geskep is deur en vir die mense van die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Met 'n Christental van minder as 600 000 is dit veilig om te sê dat die meeste *SAT-7* kykers Moslems is. Ongeveer 97% Irakiërs het toegang tot satelliet TV en 18.8% kyk *SAT-7*; 2,6 miljoen kyk op 'n daaglikse of weeklikse basis. (Bron: Church around the world, Julie 2009).

Aanhalings

Gebed is self-dissipline. Om moeite te doen om die teenwoordigheid en krag van God te leer ken strek die senuwees van die siel en versterk sy spiere. Om te bid is om in genade te groei. Tyd in die teenwoordigheid van die Koning deurgebring, lei tot nuwe lojaliteit en toewyding aan die kant van sy getroue onderdane. Christelike karakter groei in die geheime plek van gebed. - Samuel M. Zwemer

Wees bo alles in jou gebede versigtig om God nie te beperk nie, nie net deur ongeloof nie, maar ook deur jou te verbeel dat jy weet wat Hy kan doen. Verwag onverwagte dinge, 'oneindig meer as wat ons bid of dink'. Elke keer, voordat jy intree, word eers stil, en aanbid God in Sy heerlikheid. Dink aan wat Hy kan doen en hoe Hy dit geniet om die gebede van dié wat Hy gered het, te hoor. Dink aan jou plek en voorreg in Christus, en verwag groot dinge! - Andrew Murray

Die krag van gebed is nog nooit ten volle in enige kerk benut nie. As ons magtige wonders van goddelike genade en krag wil sien wat deur swakheid, mislukkings en teleurstellings werk, laat die hele Kerk God se steeds staande uitdaging aanvaar: 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie'. - James Hudson Taylor

Alle groot sielewenners was manne van baie en kragtige gebed, en alle groot herlewings is voorafgegaan en gedra deur volhardende, voortdurende kniewerk in die binnekamer. - Samuel Logan Brengle

Hoe weet ek dat ek in die wil van God bid? Elke ware poging om te bid is in reaksie op die wil van God. Hoe stotterend dit ook al mag wees en ongeskoold deur menslike leraars, dit is aanneemlik vir God, want dit is in gehoorsaamheid aan Sy wil. As ek myself sal oorgee aan die inspirasie van die Gees van God, wat my die opdrag gee om te bid, sal die besonderhede en die petisies van daardie gebed alles in harmonie wees met die wil van Hom wat wil hê dat ek bid. - E. M. Bounds

Oral waar die Kerk ontwaak het en die wêreld se boosheid openbaar is, was daar iemand wat gebid het. - A. T. Pierson

24-7 Gebedswagfokus: Desember 2009 - Maart 2010

Hierdie gebedsfokusse is bedoel om almal wat betrokke is by 24-7 gebedshuise aan te moedig om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Hierdie is slegs riglyne en gebedswag-koördineerders kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te plak of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid gedurende die maandelikse fokusse. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webruimte by: www.jwipn.com. Onthou om ook sommer op ons weeklikse Prayer Alert in te skryf by cape@jwipn.com wat weekliks op aktuele sake fokus.

Desember: Geestelike herlewing in die Kerk

Ons behoort aan 'n generasie wat nie veel van die groot dade van God oor die afgelope 2 000 jaar weet nie. Laat ons bid dat God Homself aan ons sal openbaar op dieselfde manier as wat Hy Homself aan generasies in die verlede openbaar het. Hy is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (**Heb.13:8**). Terwyl jy die verhale lees oor hoe God baie keer gedurende die afgelope eeue ingegryp het, wees bemoedig, onthou en glo dat God dit ook in ons tyd sal doen. Kom ons gebruik Desember om te bid vir geestelike herlewing in die Kerk.

Januarie: Herstel van die gesag van die Woord van God en gebed vir die regering

Gedurende Januarie fokus ons op die herstel van die gesag van die Woord van God in die Kerk as die fondasie van elke Gelowige se lewe. Ons gaan gedeeltes uit die Skrif bestudeer, bid en proklameer en wil jou aanmoedig om te oorweeg om deur hierdie gebedsriglyne in jou sel- of Bybelstudiegroep te bid. Ons ervaar ook die erns om vir parlementslede by name te bid voordat die Parlement in Februarie open. In sy brief aan Timoteus (**1 Tim.2:1-4**), moedig Paulus vir Timoteus aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Ons fokus is om te bid dat elke hart gelei sal word deur die Heilige Gees in die proses van besluitneming en wetgewing wanneer die Parlement gedurende die volgende maand open, ook dat elkeen 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus Christus self sal hê en in die verhouding sal groei.

Februarie: Om die persoon en die werk van die Heilige Gees te verstaan
Daar is baie onsekerheid en selfs verwarring in die liggaam van Christus wanneer dit kom by die persoon en die werk van die Heilige Gees. Gedurende Februarie vra ons dat God weereens die waarheid oor die Heilige Gees aan Sy Kerk sal openbaar sodat vrese, twyfel en kritiek sal vervaag in die lig van Sy heerlikheid en mag. Oorweeg dit om sommige van hierdie gebedsriglyne in jou gebedskamer op te plak sodat ander ook saam kan bid.

Maart: Vergifnis
'n Sensitiewe en baie moeilike saak om aan te spreek, is die een van vergifnis. Onreg word dikwels aan ons almal gedoen. Terselfdertyd doen ons weer verkeerd aan ander, bewustelik of onbewustelik. Gedurende Maart fokus ons op die verskillende areas van vergifnis, om ander te vergewe, om onsself te vergewe en ook oor hoe om te versoen met iemand nadat ons hom/haar vergewe het.

DAAGLIKSE GEBEDSPUNTE - Desember 2009

Dinsdag 1 Desember 2009

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: Wêreldvigsdag 2009
Die fokus van Wêreldvigsdag is om 'n beroep te doen op regerings, beleidmakers en streeksgesondheidsowerhede om teen 2010 die vele teikens te bereik wat in die stryd teen MIV/VIGS gestel is. (Webruimte: http://www.avert.org/worldaid.htm). Bid asseblief dat alle sektore van die samelewing soos gesinne, gemeenskappe en burgerlike organisasies – en nie slegs regerings nie – ook die inisiatief en leiding met betrekking tot VIGS sal neem. Bid dat die Kerk sy posisie sal inneem in ooreenstemming met God se bedoelings.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Taalnavorsers benodig: Nigerië
Nigerië is 'n groot land met tot 300 tale wat waarskynlik Bybelvertalings nodig het. Daar is altyd 'n tekort aan taalnavorsers. Bid dat die mense wat in hierdie veld werk, meer navorsers sal werf en oplei. Loof die Here dat meer en meer Nigeriërs geroepe voel om diens aan hulle eie mense te lewer, ook deur Bybelvertaling en taalnavorsing. Vra dat God jong, gekwalifiseerde taalkundiges 'n groeiende visie van die nood vir taalnavorsing sal gee. (Barry en Kathy Marais. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 2 Desember 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: *Every Home for Christ (EHCSA)*
Every Home for Christ het sedert 1953 net meer as 3 miljard stukke literatuur wêreldwyd versprei. Tot op datum het bykans 72 miljoen mense Jesus Christus as hulle Here en Verlosser aangeneem deur middel van die uitreike van hierdie bediening. In Suid-Afrika het *Every Home for Christ* gratis opvolgmateriaal beskikbaar om jong Christene in hulle verhouding met God te ondersteun en hulle op te bou. Bid saam met ons dat gemeentes die verantwoordelikheid sal neem vir die geestelike groei van nuwe Christene sodat hulle volwasse lidmate van die Liggaam van Christus kan word. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion 0046. Tel.: 012 663 4587; webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Gebedsfokus op sendingwerk: Rusland
Kingfisher Mobilising Centre is besig om 'n inheemse beweging in die Russiessprekende wêreld tot stand te bring wat individue en kerke mobiliseer om by sendingwerk betrokke te raak. Bid vir die Suid-Afrikaanse sendelinge, Johann en Annalena Theron, wat in die Oekraïne aan hierdie projek werk. Bid dat die Russe eienaarskap van hierdie beweging sal neem en dat nuwe deure sal oopgaan na elk van die 15 republieke van die voormalige Sowjet-unie (*Kingfisher Mobilising Centre*. Johann Theron, e-pos: jtheron@xsinet.co.za).

Donderdag 3 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Moslems wat Christus aanneem (1)

Die statistiek toon dat daar in die afgelope 10 jaar meer Moslems was wat Christus aangeneem het as in die vorige 1 300 jaar sedert die stigting van Islam in die sewende eeu. Tans kom 35-50% van Moslem bekeerlinge na Christus as gevolg van drome, visioene, die verskyning van engele of mense wat vertel dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus self gehad het. Mense in die Midde-Ooste verkry toegang tot die evangelie deur talle radiostasies en etlike TV-stasies. 'n Menigte webruimtes verskaf inligting aan Moslems en tree met hulle in gesprek. Een bepaalde webruimte ontvang meer as 600 000 besoeke per dag, meer as 20 miljoen per maand. Die Here het ook in 1990 op kragtige wyse onder die Kabielse Berbers in Algerië begin werk. Deur talle bonatuurlike openbarings het baie mense Christus oor die afgelope 20 jaar aangeneem, in die omgewing van 100 000 bekeerlinge, met baie kerke wat onder die Kabielse Berbers geplant word. In Egipte is daar tans baie Moslems wat Christus aanneem. Die afgelope dekade het El Jazeera, 'n Moslem TV-stasie, berig dat meer as 'n miljoen Moslems die Christelike geloof aangeneem het. Sommige Christelike bronne meen egter dit kan nog meer wees. Indonesië is die land met die meeste Moslems in die wêreld. Aan die begin van die 1960's was daar ongeveer 2 miljoen Christene in Indonesië. Vandag is daar ongeveer 39 miljoen en hulle maak 17% van die bevolking uit.

Gebedsfokus op kinders: *IWF* berig 'n afname in webruimtes oor die seksuele misbruik van kinders wêreldwyd

Die *Internet Watch Foundation (IWF)* berig in sy jaarverslag van 2008 dat daar 'n daling van nagenoeg 10% was in die aantal internasionale webruimtes wat inhoud oor die seksuele misbruik van kinders bevat het. Die verslag waarsku teen selftevredenheid en wys op die dikwels ernstige aard van die beelde wat in kommersiële webruimtes verskyn. (Webruimte: http://www.iwf.org.uk/media/news.258.htm). Dank die Here vir die beantwoording van die vele gebede regoor die wêreld i.v.m. Internetpornografie. Bid dat Internetpornografie nog meer drasties sal afneem.

Vrydag 4 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Moslems wat Christus aanneem (2)

In 1990 het daar slegs 'n paar honderd Christene langs die Syroete gebly (die roete waarlangs sy eeue gelede van Sjina af na die Weste geneem is), maar vandag is daar na raming 140 000, hoofsaaklik Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond. (Kazakstan-gelowiges: van 100 tot 30 000; Uighur-gelowiges: van minder as 100 tot ongeveer 1 000; Uzbek-gelowiges van ongeveer 100 tot ongeveer 10 000; Kyrgyz-gelowiges: van 20 tot ongeveer 5 000; Tajik-gelowiges: minder as 5 tot ongeveer 1 000; Turkmen-gelowiges: minder as 10 tot ongeveer 500; Azeri-gelowiges: van 50 tot ongeveer 7 000; Tartare-gelowiges: van 50 tot ongeveer 1 000; Karakalpak-gelowiges: geen tot meer as 1 000). In die tyd van die Irannese rewolusie van 1979 was daar moontlik slegs 500 volgelinge van Christus uit 'n Sjiïtiese agtergrond. Vandag reken baie Irannese pastore dat daar soveel as 'n miljoen kan wees. Tussen 1980 en 2005 het meer Irannese Christus aangeneem as in die vorige duisend jaar. Hierdie beweging word direk in verband gebring met die buitengewone hoeveelheid gebed wat sedert 1992 gemobiliseer is. *Bid deur die Venster* (I, II, III en IV) het sedert 1993 al om die ander jaar gedurende Oktober tussen 20 en 40 miljoen Gelowiges gemobiliseer om te bid, en doen dit steeds. Sedert 1992 het 'n inisiatief genaamd *30 Dae van Gebed* tussen 2 en 10 miljoen Christene gemobiliseer om tydens Ramadaan, die Moslems se vasmaand, te bid. Hierdie is net twee van vele gebedsinisiatiewe in die wêreld wat op Islam fokus. Dank God daarvoor.

Gebedsfokus op gesondheid: Eerste belowende TB-middel in dekades

In 'n kliniese toets in Suid-Afrika het die eerste nuwe tuberkulose-middel in 40 jaar 'n aantal pasiënte met multimiddel-weerstandige tuberkulose (MDR-TB) suksesvol behandel. *Diarylquinoline TMC207* verskil van ander middels teen tuberkulose deurdat dit 'n ensiem genaamd *Mycobacterium tuberculosis* teiken, die agent wat TB veroorsaak. Ongeveer die helfte van die pasiënte is suksesvol met TMC207 behandel. Volgens laboratoriumtoetse is die middel effektief teen beide middelvatbare en middelweerstandige TB, wat beteken dat hierdie nuwe middel moontlik die tydperk van behandeling vir alle TB-pasiënte kan verkort. Webruimte:

http://www.scidev.net/en/news/first-promising-tb-drug-in-decades-say-researchers.html). Dank die Here dat Hy die gebede verhoor het vir 'n deurbraak met betrekking tot TB in Suid-Afrika.

Saterdag 5 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing in Sjina

Toe Mao Tse Tung in 1951 in Sjina aan bewind gekom het, was daar na raming 1,5 miljoen Christene in die land. Vir die volgende vier dekades het die Kerk ondergronds gewerk. Miljoene mense is dood of het jare in die tronk deurgebring, soms tot 20 of 30 jaar. Volgens die regering se hoof van godsdiensaangeleenthede in Sjina is daar tans 130 miljoen Christene in Sjina. Senior Sjinese leiers in Sjina glo die getal is baie groter. Sowat 30 000-35 000 Sjinese kom daagliks na Christus (dit sluit die natuurlike aanwas onder Christene in). Hierdie groei vind hoofsaaklik plaas deur die totstandkoming van huiskerke. Die Kerk in Sjina word nog steeds vervolg, maar toon nogtans kragtige groei. Die Kommunistiese regering het die afgelope twintig jaar 50 miljoen Bybels by sy amptelike *Amity Press* gedruk. Die Bybels en Nuwe Testamente word by 55 000 verspreidingspunte regdeur die land versprei. Bybels word egter nog steeds in Sjina ingesmokkel omdat die vraag na Bybels groter is as die beskikbare voorraad. Sommige missioloë beweer dat Sjina die afgelope 30 jaar landswyd die grootste oes aan siele gehad het wat nog aangeteken is. Dit beteken beslis nie dat daar nie enorme uitdagings vir die Kerk in Sjina is nie, maar dit is duidelik dat die Here op 'n baie belangrike manier aan die werk is. Bly bid vir Sjinese Christene wat swaarkry en vervolg word.

Gebedsfokus op Thailand: Die koning

Thailand vier vandag die verjaarsdag van koning Bhumibol Adulyadej, die langs-regerende monarg ter wêreld. Die koning is geliefd vanweë sy toewyding aan die welsyn en ontwikkeling van sy mense, asook vir sy begrip van politieke en maatskaplike vraagstukke. Die koning is die 'bewaker van die godsdiens' en is die teenwoordigheid van Christene in Thailand goedgesind. (Joseph en Edwina Charles, e-pos: jecharles2003@yahoo.com). Dra hierdie koning in gebed aan die Here op en bid vir sy redding. Bid terselfdertyd ook vir die mense van Thailand se redding.

Sondag 6 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing en die uitbreiding van die evangelie in ander dele van die wêreld

In 1900 sou minder as 3% van die mense in Afrika hulleself Christene genoem het. Vandag, 110 jaar later, noem meer as die helfte van alle mense in Afrika hulleself Christene. Daar was baie herlewings in Afrika die afgelope 100 jaar; in 1953 was daar een in die Kongo en ook onder die Ovambo in Namibië. Daar was die herlewing in Oos-Afrika, wat byna 50 jaar lank aangehou het. Dit het in die 1930's hoofsaaklik in Uganda, Kenia, Burundi, Rwanda en Tanzanië begin, maar het ook later na ander lande soos Brittanje en Indonesië versprei. In 1950 was slegs 0,02% van Ethiopië se bevolking Protestantse Christene. Vandag is 19% Protestantse Christene, dit is ongeveer 13 miljoen en is daar meer as 31 000 gemeentes. In 1960 was net ongeveer 5% van die bevolking in die suide van Soedan Christene. Dié syfer staan vandag op ongeveer 25%. Na raming is 70% van die bevolking in Suid-Soedan Christene. Die aantal Christene in Indië het oor die afgelope tien jaar verdubbel. Die Kerk van Jesus Christus het tans een van die grootste geleenthede in sy geskiedenis om na die 270 miljoen Dalit in Indië uit te reik. Die Dalit, of geskeduleerde kastes, die laagste stand in Hindoeïsme, is besig om Hindoeïsme te verlaat op soek na 'n "god" wat hulle sal liefhê en aan hulle waardigheid, genade en aanvaarding sal verleen. Die meeste verklaar dat hulle dit in die Christelike geloof vind. Daar kom elke dag duisende mense tot bekering in Christus. Die kerkleiers in Indië beskryf dit nie as massa-bekerings nie, maar as massiewe bekerings. Daar is eenvoudig nie genoeg kerkplanters, pastore, Bybels, boeke en opleiding beskikbaar om in die behoeftes te voorsien nie. In die vroeë 1980's was daar sover bekend net 75 Nepalese Gelowiges en net meer as 52 (groot) onbereikte mensegroepe. Onder die meeste van hierdie groepe bestaan daar vandag kerke. Daar is na raming 500 000 Gelowiges met ongeveer 6 000 gemeentes en huisgroepies. Sedert 1967 het ook meer Jode vir Jesus/Jeshua as Messias aangeneem as in die ganse tydperk tussen 100 n.C. en 1967.

Die Kerk van die toekoms: Lesse uit die geskiedenis

Artikel deur Jurgens Hendriks (verkort)

Die prediker het by geleentheid gesê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook alreeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het (**Pred.3:15**). Daar is basiese patrone in die geskiedenis wat 'n mens help om perspektief te kry. U sal in die historiese boeke van die Ou Testament die 40-jaar siklusse onthou: voorspoed en seën, daarna 'n proses van verval, vorm-godsdiens en uiterlike ritueel, dan waarskuwings, voortgesette ongehoorsaamheid en uiteindelik die tot niet gaan van alles. (**Deut. 8, Rigters tot Kronieke**).

As wat die prediker gesê het, waar is, kan ons die geheim van die Kerk van die toekoms in die verlede nagaan. As wat gaan gebeur, reeds gebeur het, kan mens in die verlede gaan kyk om te leer oor die Kerk van die toekoms!

Die boek van die godsdiens-sosioloog Rodney Stark: *The Rise of Christianity* (1997:6-7) bespreek die redes vir die Kerk se ongelooflike groei na die dood en opstanding van die Here Jesus Christus tot en met die jaar 350 n.C. Van ongeveer 7 000 vervolgde Gelowiges in die tyd van **Handelinge 2** groei die Kerk oor 300 jaar teen 40% per dekade tot ongeveer 33 miljoen mense uit 'n totale bevolking in die Romeinse Ryk van 56 miljoen. 'n Hele 33 uit 56 miljoen!

Stark sê die geheim vir die groei van die Christelike Kerk is in die sosiale netwerke en intieme inter-persoonlike verhoudings en lojaliteite wat gevorm is sonder dat die Kerk eksklusief en geslote geraak het. Lojaliteit aan Jesus Christus het alle ander lojaliteite oorskry (1997:3-27). Die andersheid en aantrekkingskrag van die beweging wil ek in die volgende hoofpunte saamvat:

Die Christene het anders as die wêreld geleef: Die evangelisasiemetode van die vroeë Kerk, hulle sendingwerk, was nie spesiale predikers, sendingorganisasies en evangelisasieveldtogte nie. Dit was doodeenvoudig die getuienis wat van die talle klein huisgemeentetjies uitgegaan het (Meeks 1983:77).

Christene het mekaar en ander in liefde versorg: In die tydperk van 300 jaar was daar twee ongelooflike groot epidemies in die Romeinse ryk. In 165-180 n.C. is ongeveer 'n 25-30% van die mense in die Romeinse Ryk dood. 'n Honderd jaar later was dit weer so. Toe die tweede epidemie op sy ergste was, het ongeveer 5 000 mense per dag in Rome alleen gesterf. Die Christene het die tydperk veel beter as enige ander groep deurleef omdat hulle na mekaar, ook die wat siek was, omgesien het. Na elke epidemie was die persentasie Christene van die totale bevolking gevolglik veel hoër en het mense in groot getalle by gemeentes ingeskakel. Die Kerk vandag het geen groter getuienisgeleentheid in Afrika as die MIV/VIGS epidemie nie.

Christene het hulle huweliks- en gesinslewe volgens die Bybel se beginsels ingerig: Die seksuele moraliteit van die Romeinse Ryk, spesifiek in en om Rome, die groot stede en onder die hoëlui, was deurspek met perversiteit. Homoseksualisme, aborsie, prostitusie en die gepaardgaande huweliks- en gesinsverval was skokkend. Aborsie was so algemeen dat kinderlykies een van die oorsake was waarom die ou stede se rioolstelsels verstop het. In die Romeinse Ryk was daar, ondanks al die oorloë, vir elke 100 vroue 131 tot 140 mans omdat meisietjies na geboorte doodgemaak is. In die Christelike geloofsgemeenskappe het mense mekaar egter gehelp om 'n stabiele huweliks- en gesinslewe te vestig. Dit het twee gevolge gehad: die Christene het 'n baie hoër geboortesyfer as die ander gehad en daar was altyd meer vroue vir huwelike beskikbaar in die Christelike gemeentes.

Christene het ook rassisme en klassisme skerp aangespreek: Die Romeinse Ryk het om politieke, ekonomiese en sosiale redes geglobaliseer. Die Huweliks- en gesinsverval asook epidemies het veroorsaak dat die bevolking in dele soos Italië drasties afgeneem het. Gevolglik moes mense van oor die bekende wêreld van destyds na intensiewe sleutelareas gelok word en kon jy in al die groot stede, mense van élke volk en taal en nasie vind. Die potensiaal vir kultuur- en rassebotsings was dus hoog. Statusverskille is natuurlik eie aan alle

gemeenskappe en in die Romeinse Ryk was dit nie 'n uitsondering nie. Die vroeë gemeentes het hierdie sake met passie aangespreek.

Christene was eerlike, betroubare en hardwerkende mense, jy kon op hulle reken: Ek was werklik verbaas om te ontdek hoe dikwels die NT briewe hieroor skryf. Christene het as't ware outomaties 'n groter rol in die samelewing begin speel. Op die ou end het die Romeinse Keiser, Konstantyn, die Christelike Godsdiens in 313 na Christus vrygestel van alle vorme van vervolging (Stark 1997:11) en self die geloof aanvaar! Sy motief: jy kon nie 'n ryk regeer sonder betroubare mense nie en Christene was betroubare mense. Hy wou húlle saak bevoordeel want hulle sou sý saak bevoordeel.

Moderne gevestigde kerke is besig om hul markaandeel te verloor en is as't ware aan die uitsterf. Statistiek toon ook twee ander tendense: die geboorteproses van 'n hele reeks kerke wat in die nuwe tyd kontekstualiseer, en dan is daar die Onafhanklike Afrika kerke wat binne 'n Afrika-kultuur en -konteks groei en vorm aanneem. Die Kerk sal altyd 'n toekoms hê. Ek glo dit omdat ek glo in 'n opgestane Here Jesus aan wie alle mag gegee is in die hemel en op die aarde. Die kerk van die toekoms volg Hom op Sy kruisweg wat paradoksaal beide lydensweg en oorwinningsweg is.

Maandag 7 Desember 2009

Gebedsfokus op redding: Ontvangsdames

Hulle beantwoord die telefone by groot maatskappye, help jou by die ingange tot geboue en ontvang jou by die dokter, tandarts, prokureur ensovoorts. Hulle kry dikwels met moeilike kliënte te make wat ongemanierd optree. Bid asseblief vir alle ontvangsdames in ons land. Vra dat hulle geleenthede sal kry om Christus waarlik te ontmoet deur die getuienis en lewens van Gelowiges wat hulle (o.a. ook by die werk) teëkom. Bid dat hulle oop en ontvanklik sal wees vir liefde en aanmoediging om God te volg.

Gebedsfokus op rentmeesterskap: 7-18 Desember 2009 – Konferensie oor aardverwarming en klimaatsverandering

Die konferensie in Kopenhagen is die 15de konferensie van die partye in die Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering. Die laaste vergadering van die Verenigde Nasies se konvensie oor klimaatsverandering is in Desember 2007 in Bali gehou. Die 2009-konferensie in Kopenhagen begin vandag en word deur afgevaardigdes van 170 lande bygewoon. Die fokus is op nuwe denke oor die implementering van strategieë wêreldwyd. Een van hierdie strategieë is die gebruik van windmeulens om elektrisiteit op te wek wat omgewingsvriendelik is. (Webwerf: http://www.erantis.com/events/denmark/copenhagen/climate-conference-2009/index.htm). Bid asseblief dat die Here vir die afgevaardigdes sal wys op watter maniere hulle praktiese rentmeesterskap van die omgewing moet beoefen in ooreenstemming met sy wil en bedoeling soos Hy dit in Genesis aan Adam en Eva opgedra het.

Dinsdag 8 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Kinders in herlewing

In feitlik alle herlewings het kinders tussen die ouderdomme van 4 en 14 'n belangrike rol gespeel. Deur 'n merkwaardige werking van die Heilige Gees het 100 van die 130 seuns in 'n kosskool in Suid-Indië tot bekering gekom. Dit het gepaard gegaan met gebrokenheid en sonde-oortuiging deur die Heilige Gees. Die Christenpersoneel het nie geweet hoe om die situasie te hanteer nie. Daar is later ontdek dat drie seuns onder die ouderdom van twaalf, weke lank in die bos by die Here vir hulle medeleerlinge gaan pleit het. Tydens die herlewing in SizaBantu (1966 en daarna) in KwaZulu-Natal het 'n vierjarige Zoeloeseuntjie van kraal tot kraal gegaan en vir die volwasse Zoeloemans gepreek. Vreemd genoeg het hulle na hom geluister, van hulle sonde oortuig geraak en Christus as hulle Verlosser aangeneem. Een van die merkwaardigste bewegings van die Here het vroeg in die 1990's begin. Derduisende kinders regoor die wêreld het by gebed betrokke geraak en vir vriende en familie, die ongereddes, hulle gemeenskappe en die onbereikte nasies ingetree. Sedert 1989 het Vader Anton

Cruz byvoorbeeld kinders van die vullishope (kinders uit die laagste stand (kaste) in Indië) gaan haal, hulle versorg, skoolopvoeding gegee en hulle geleer hoe om te bid. Die aantal kinders hier het die afgelope twee dekades tot 8 000 toegeneem. Wanneer hulle bid, vind daar gereeld tekens, wonders en bekerings plaas. Iets soortgelyks is aan die gebeur in 'n informele nedersetting, Orange Farm, net buite Johannesburg. 'n Leraar het begin om die kinders te mobiliseer en hulle te leer om vir hulle gemeenskappe te bid. Die aantal kinders wat hierby betrokke is, het binne twee jaar tot meer as 4 000 gegroei. Namate hulle vir hulle gemeenskappe bid, begin daar daadwerklike verandering plaasvind. Gesinne word herstel en genees, ouers kom tot bekering en verskeie groot euwels (o.a. kinderverkragting) in die gemeenskap toon 'n afname.

Gebedsfokus op moraliteit: Sekswinkels
Twee gemeenskappe in die suide van Amerika het gewys wat mense wat nee sê, kan doen om hulleself teen seksgeoriënteerde besighede te beskerm. Die reëls vir sekswinkels is strenger gemaak deur beperkings op die hoeveelheid pornografiese materiaal wat hulle mag besit. (Webruimte: http://www.citizenlink.org/CLNews/A000009223.cfm). Hou asseblief aan om oor hierdie bedryf te bid, dat baie persone vrygemaak sal word van die bande van verslaafdheid aan pornografie, en dat die winkels sal moet toemaak as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling omdat die ganse gemeenskap hulle lewens aan Christus oorgegee het.

Woensdag 9 Desember 2009
Getuienis oor herlewing: Die rol van jongmense in die 1904-herlewing in Wallis
Jongmense het 'n belangrike rol gespeel in die herlewing in Wallis in 1904. Een aand in die lente van 1903 is daar ontdek dat vier jong mans van agtien jaar op die berg bymekaar was om te bid. Hulle het dit toe al maande lank elke aand gedoen, met een doel: om vir herlewing te bid. Die nuus het gou algemeen bekend geword en die hele gemeente is geraak deur die feit dat die nood van die gemeenskap so intens aangevoel is deur hulle wat so jonk is. Kort voor lank het ander by hulle aangesluit, en soos die getal bidders gestyg het, het hulle ywer toegeneem. Die hele gemeente is meegevoer deur 'n visie vir herlewing en 'n passie vir siele. Dit was nie lank voordat die hele buurt en elke gemeente in die dorp bidure vir herlewing begin hou het nie. Op Sondae is tot ses bidure in een gemeente alleen gehou met tot dertig persone wat elke Sondag die Here leer ken het. Ooggetuies het verklaar dat dit 'n onvergeetlike ervaring en 'n tyd van onuitspreeklike blydskap was. Ses maande lank het hulle elke aand met blydskap en verwagting gebid totdat God deurgebreek het. *(Rent Heavens;* R.B. Jones, bll. 51-52; *The Awakening in Wales,* Jessie Penn-Lewis).

Gebedsfokus op sending: *Pro-Christo* en *Operasie Mobilisasie (OM)* smelt saam
Pro-Christo Global Missions in Suider-Afrika het met *OM* saamgesmelt en hulle kragte saamgesnoer om die Kerk in hierdie gebied te help mobiliseer om die evangelie na die onbereikte mensegroepe in Suider-Afrika en die res van die wêreld uit te dra. Die bediening het ongeveer 130 sendelinge in Afrika, wat in Malawi, Tanzanië, Botswana en Zambië werksaam is. Met die byvoeging van *Pro-Christo* het *OM* nou 130 werkers in Suider-Afrika bygekry. Bid asseblief vir die oorgangsproses met die samesmelting van *Pro-Christo* en *OM* in Suider-Afrika. Bid dat al die praktiese sake met Goddelike insig hanteer sal word en vir genade vir al die personeellede. (*Global Prayer Ministries*, *OM* USA. Webruimte: www.omusa.org of e-pos: info@usa.om.org).

Donderdag 10 Desember 2009
Getuienis oor herlewing: Die "Jonathan Edwards"-herlewing in die kolonies in 1734 (1)
Die *Eerste Groot Ontwaking*, soos daar na die eerste wêreldwye herlewing verwys word, het in ongeveer 1734 begin in wat destyds as die Amerikaanse kolonies bekend gestaan het. In Amerika word die *Eerste Groot Ontwaking* altyd met die prediker en teoloog Jonathan Edwards verbind. Daar was 'n merkbare agteruitgang in die godsdienstige lewe van die gemeenskap waar Edwards predikant was. Die jongmense het moreel afvallig geword en tot laatnag partytjie gehou - sonde het floreer. Agt jaar lank het Jonathan Edwards hom aan gebed en die kragtige prediking van die Woord gewy. Toe meteens het die vuur neergedaal: Regdeur die dorp het mense tot

bekering begin kom! Een van die eerstes was 'n jong meisie wat nie die minste omgegee het vir haar siel of die ewigheid nie en wat 'n voorbok was op partytjies. Sy het totaal verander en nederig geword, en die mense was verstom oor die verandering in haar lewe. Die nuus van haar bekering het vinnig versprei. Mense het begin oortuig raak van sonde en groot getalle het tot bekering gekom. Vroeg in 1735 was Northampton as't ware deurdrenk met die teenwoordigheid van God. In feitlik elke huis het ouers oor hulle kinders gejuig. In die kerke het die trane gevloei wanneer mense van hulle sonde oortuig geraak het, gevolg deur wonderlike blydskap wanneer hulle begryp het dat hulle sondes vergewe is en dat hulle die gawe van die ewige lewe ontvang het. Die Bybel was die "nuwe boek". Kroeë het leeggeloop en mense het in die strate oor God geloop en praat.

Gebedsfokus op redding: Die Sila van Viëtnam
Ongeveer 700 Sila woon binne die grense van Viëtnam, en meer as 19 000 in Laos. Die Sila in die noordooste van Viëtnam het 'n moeilike lewe; hulle maksimum lewensverwagting is maar 40 jaar. 'n Sila-huis bestaan uit vier vertrekke met die voorvaderlike altaar wat die belangrikste plek inneem. Bid dat die Here spoedig werkers in hierdie oesland sal stuur om die mense van Hom te vertel. Bid dat hulle duidelik sal kan begryp wie Jesus Christus is en hoe lief Hy hulle het. (*Wycliffe Prayer Focus Bulletin*, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Vrydag 11 Desember 2009
Getuienis oor herlewing: Die Jonathan Edwards-herlewing in die kolonies (VSA) en die preek, "Sondaars in die hande van 'n toornige God" (2)
Maande voordat die herlewing in Enfield begin het, het Edwards sy nou beroemde preek, "Sondaars in die hande van 'n toornige God", geskryf. Hy het vooraf eers elke sin in die preek op homself toegepas. Nederig en gebroke het hy in 1741 in Enfield, New England, op die kansel geklim. Met 'n lantern in die een hand en sy papiere in die ander hand het hy die preek op sy gewone terughoudende manier begin voorlees. Toe die mense daardie dag by die kerkgebou ingekom het, was hulle apaties, hulle gesigte uitdrukkingloos. Hulle het bloot uit tradisie kerk toe gekom. Party het gesit en praat en hulle skaars ordentlik gedra. Toe Edwards sy preek begin voorlees, het die mense begin ernstig raak en spoedig het die hele gemeente hulle koppe begin buig onder die verskriklike oortuiging van hulle sonde en gevaar. Daar was soveel hoorbare ontsteltenis en geween dat Edwards verplig was om die mense te vra om stil te word sodat hy gehoor kon word, maar dit was tevergeefs. Die Woord van God het so 'n kragtige uitwerking op die hele gemeente gehad dat baie van die toehoorders, skynbaar onbewus van wat hulle doen, aan die pilare en kerkbanke vasgehou en uitgeroep het: "Ek gly in die hel in! Red my, red my asseblief." (*In the Day of Thy Power*, Arthur Wallis).

Gebedsfokus op versoening: *Mercy Ministries SA (MMSA)*
Die visie van die *MMSA* is om versoening onder mense te bewerkstellig en hulle te help om die Bybelse waarhede in ooreenstemming met God se bedoeling uit te leef. Die gevolg is gemeenskappe wat genees en getransformeer is en waarin eenheid en vrede heers. Dank die Vader vir die baie mense wat gedurende 2009 by Hom genesing gevind het van die pyn en seerkry van die verlede, vir versoening tussen mense van verskillende etniese groepe en vir 'n strategie van sinvolle opvolgsessies. Bid dat Hy mense uit alle groepe van Suid-Afrika sal oortuig om as verteenwoordigers die werkswinkels by te woon. (*Mercy Ministries SA*. Posbus 2148, Rensburg, 1439. Tel. 079 516 5428 of faks: 086 647 1522. Webruimte: www.mercy.givengain.org of e-pos: mercyminsa@lantic.net).

Saterdag 12 Desember 2009
Getuienis oor herlewing: Die herlewing in Cambuslang (1)
In 1741 was daar in Skotland verskriklike windstorms, hongersnood en brande, gevolg deur 'n droogte in 1742. Ongeveer 2 000 mense het van honger omgekom. Cambuslang (suidoos van Glasgow) was 'n klein dorpie met ongeveer 4 000 inwoners. Die geestelike klimaat was koud en dood. Die gebedsgroepe (sogenaamde "gebedsverenigings") het nie meer bymekaargekom nie. Daar was geen teken hoegenaamd van herlewing of enige geestelike lewe in die gemeenskap nie. Die gemeente het al hoe dieper weggesak in 'n moeras van sonde, geestelike dood en apatie. Die plaaslike leraar, William M'Culloch, was 'n man van God. Hy was nie 'n baie goeie

prediker nie, maar hy was 'n man van gebed. M'Culloch het van die herlewing onder die bediening van Jonathan Edwards te hore gekom en het begeer dat dieselfde herlewing ook in Cambuslang sou plaasvind. Met nuwe ywer het hy vir sy gemeente die vertellings begin voorlees oor wat die Here besig was om in die VSA te doen, en daarna het hy die mense gelei in gebed vir Skotland. Die aantal gebedsbyeenskomste het begin toeneem en al hoe meer mense het dit bygewoon. 'n Paar mense het tot bekering gekom. Die eredienste op Sondae was skielik stampvol. In 1741 het die bekende leraar George Whitefield vir vyf opeenvolgende dae dienste in Cambuslang gehou. As gevolg van die ellendige toestande in die land is baie mense diep deur God se Woord geraak. In Januarie 1742 het twee gemeentelede met 'n petisie in die dorp rondgegaan om die predikant te versoek om dienste in die middel van die week te hou. M'Culloch het ook 'n gebedsgids begin druk om die gemeente in staat te stel om gesamentlik vir dieselfde sake te begin bid. Hierdie gefokusde gebede het as "concerts of prayer" bekend gestaan. Die honger na God en Sy Woord het binne enkele dae so dramaties toegeneem dat M'Culloch elke dag van die week 'n kerkdiens moes hou. Binne twee maande kon 300 mense getuig dat hulle tot bekering gekom het. Die dienste was stampvol, daar is elke aand van die week 'n diens gehou en mense van ander dorpies het begin notisie neem van dit wat God besig was om in Cumbuslang te doen. Hulle het kom kyk en luister, en hulle harte is aangeraak. Soms het die kerkdiens dwarsdeur die nag aangehou. Ander leraars in die omgewing moes M'Culloch kom bystaan en deur hulle het die bekerings vinnig na die Skotse Laaglande uitgebrei.

Gebedsfokus op Israel: Hanukkah

Hanukkah (wat "wyding" beteken) is 'n fees wat Jesus ook gevier het (**Joh.10:20**) en val vanjaar (2009) op 12-19 Desember. Dit herdenk die oorwinning van 'n handjievol Israeliete oor die Grieks-Masedoniese Ryk wat Israel in sy vroeë geskiedenis beset het. Die Jode is gedwing om hulle geloof te laat vaar en die Tora (die vyf boeke van Moses) te verbrand. Die tempel in Jerusalem is ontheilig deurdat 'n vark daar geslag en 'n standbeeld van die Griekse afgod Zeus daar opgerig is. 'n Klein groepie Jode het egter vasgestaan in hulle geloof (167 v.C.) en 'n teenaanval geloods. Drie jaar later is die tempel gereinig en weer aan God toegewy. Bid vir die mense van Israel en vir Jode wêreldwyd gedurende hierdie fees. Bid dat God deur sy Gees Jesus as die Lig vir die wêreld aan hulle bekend sal maak, Hy wat as Dienaar gekom het en as Koning sal terugkeer. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Sondag 13 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Die Cambuslang-herlewing (2)

Teen Julie 1742 het die herlewing enorme afmetings aangeneem. George Whitefield is gevra om terug te kom om nog dienste in Skotland te hou. Oral het mense God aangeroep. Groepe het dikwels dwarsdeur die nag gebid. Geleidelik het honderde gebedsverenigings (klein gebedsgroepies) regoor Skotland tot stand gekom. Jong mense het met oorgawe en passie begin bid, en duisende is gered. In Julie 1742 het Whitefield vir skares van tot 20 000 mense in Cambuslang gepreek. (die dorpie se bevolking was maar net 4 000!) Groot getalle mense het tot die oortuiging van hulle sonde gekom; op die grond neergeval, gehuil en hulle sondes bely. Whitefield het in Augustus teruggekeer vir nog 'n reeks dienste. Oor een van hierdie byeenkomste het hy geskryf: "Ek het nog nooit tevore so iets aanskou nie. Die krag van God was van die een kant van die skare tot by die ander kant teenwoordig, soos weerlig wat van die een kant na die ander flits; jy kon duisende mense sien met trane wat oor hulle gesigte stroom; sommige het hulle hande gewring, party het flou geword en ander het hardop uitgeroep en getreur oor 'n gekruisigde Verlosser." In Oktober 1742 skryf John Erskine dat die herlewing in Cambuslang slegs die eerste vrugte was van groter dinge wat nog sou kom. Baie mense het Cambuslang die "wolkie" van 1 Konings 18:44 genoem. Hulle het 'n groter uitstorting verwag, en hulle is nie teleurgestel nie; dit het gekom. In 1744 het 'n aantal predikante bymekaargekom en besluit om die gebedsmodel van Cambuslang regoor die land te implementeer. Die ganse volk is in 'n ontsaglike gebedsbeweging georganiseer, gekoördineer en gemobiliseer. Hulle was oortuig dat dit die kragtigste invloed sou hê. Gebedsgroepe is versoek om minstens een keer per week bymekaar te kom, asook dat al die groepe in 'n area minstens een keer per kwartaal saam in 'n groot kerkgebou moet vergader om te bid. Gebedsgewys is daar op twee dinge gefokus, naamlik herlewing in die Kerk van Jesus Christus en die

uitbreiding van die Koninkryk van Christus regoor die wêreld. *(George Whitefield* deur Arnold Dallimore; *The Power of Extraordinary Prayer,* Robert O. Bakke, 2000; *Breath of Heaven,* Ken Terhoven)

Maandag 14 Desember 2009

Gebedsfokus op redding: Koerantverkopers

Hulle is alreeds voor sesuur in die môre op elke straathoek in die land of op 'n fiets besig om die dag se koerante af te lewer. Baie mense vul hulle inkomste op hierdie manier aan en vir baie ander is dit hulle enigste inkomste vir die dag. Bid asseblief weer vir elke persoon wat koerante verkoop of aflewer, dat hulle ook geleenthede sal kry om Jesus deur die lewens en getuienis van ander te ontmoet. Vra dat hulle die Here persoonlik sal leer ken en vertrou met hulle lewens.

Gebedsfokus op redding: Die Bedik van Senegal

Hulle bly in grotte, ver van Dakar, die hoofstad van Senegal. Lede van die Bedik se geheime verenigings maak en dra oordadig versierde maskers vir die seremonies waartydens hulle glo hulle oeste geseën word. Die Bedik is animiste en aanbid natuurgeeste, maar hulle is ook bewus van die bestaan van Islam, die vernaamste godsdiens van die naburige Fulbe-groepe. Vra dat die Here getroue werkers sal stuur om na die Bedik-groep uit te reik. 'n Paar Bedik-mense is die afgelope paar jaar vir die Here gewen. Bid dat hierdie Gelowiges 'n ekonomiese en geestelike seën vir die Bedik-mense sal wees. (*Global Prayer Digest*. E-pos: GPDMOD@wciu.edu).

Internasionaal: Hoe om te bid wanneer 'n natuurramp voorkom

As jy nog nie self 'n natuurramp beleef het nie, is dit totaal onmoontlik om jou voor te stel wat deur die harte en gedagtes van mense gaan wat skielik deur 'n natuurramp getref word. Natuurrampe kom wêreldwyd vandag meer gereeld voor as ooit tevore. Hoe bid ons tydens rampe en vir diegene in nood? Die volgende is 'n paar riglyne oor hoe om vir slagoffers van natuurrampe te bid; hetsy 'n vloed, brand, aardbewing, sneeustorting, tsunami, ens. Rampe kan kritieke geestelike draaipunte vir mense wees. Sommige mag na God draai terwyl ander na 'n ramp heeltemal van Hom af wegdraai - dit is waarom ons met groot erns in sulke situasies moet bid.

Bid vir die Kerk:

Dat Gelowiges orals hulleself bewustelik en prakties sal voorberei om gereed te wees sou enige ramp 'n direkte invloed op hulle, hulle geliefdes of hul samelewing hê.

Dat hulle so 'n intieme en gevestigde verhouding met die Here sal hê dat hulle nie oorweldig sal word nie, maar duidelike begrip sal hê van dit wat hulle moet doen om ander in nood te help en te ondersteun.

Vir gemeentes om strategieë in plek te hê wat in tye van rampspoed as deel van hulle normale bedieninge sal funksioneer, sowel as om die gemeente voor te berei oor hoe om mense beide prakties en geestelik in sulke situasies te bedien en te help.

Gebedstrategie:

Bid dat Gelowiges ingelig sal wees, m.a.w. bewus sal wees van waar en wanneer rampe in die wêreld voorkom, sodat hulle gefokus en effektief tydens sulke situasies kan bid. Bid ook dat hulle op hoogte sal bly t.o.v. die ontwikkeling en die groeiende nood van die mense.

Praktiese gebed vir probleme op grondvlak:

- Bid veral vir slagoffers wat 'n geliefde verloor het, om in staat te wees om hulle rus en troos in God te vind. Vra dat nie-Christene iemand sal ontmoet wat die evangelie met hulle sal deel en dat hulle werklik oop en ontvanklik sal wees.
- Bid vir hulle wat 'n huis, besittings of werk verloor het as gevolg van die vernietiging.

- Vra God se genade oor gemeenskappe, dat Gelowiges sterk na vore sal tree en 'n betekenisvolle rol sal speel in die oordra van God se hoop vir die toekoms en mense sal bemoedig om saam te staan vir die heropbou van hulle gemeenskappe.
- Bid vir genoegsame mediese voorraad en personeel wat vinnig in rampgebiede ontplooi kan word en sal aanbly so lank as wat dit nodig is.
- Bid vir soekgeselskappe, vir God se leiding om mense wat vasgeval is onder rommel, sneeu, ens. betyds te kan vind, en dat die reddingspoging vinnig, veilig en suksesvol sal wees, selfs onder moeilike omstandighede.
- Vra dat die nodige voedsel die slagoffers vinnig sal bereik en bid vir die effektiewe verdeling van kos en skoon water vir rampslagoffers. Bid dat kos en water voorsien sal word solank as wat dit benodig word.
- Vra vir God se genade en beskerming teen enige uitbreek van virusse of siektes onder mense, diere en gesaaides direk na die ramp. Bid dat geskikte teenmiddels vir sulke moontlikhede ontwikkel sal word en gereed sal wees vir toediening.
- Bid vir die nodige finansiële hulp vir die heropbou van die infrastruktuur van die rampgebied en lewensonderhoud van die slagoffers.

Bid vir die geestelike werk wat gedoen word in 'n rampgebied:

- Vra vir geleenthede vir helpers en Gelowiges, wat self ook slagoffers mag wees, om ander rampslagoffers te bemoedig en te bevriend en om die hoop in Jesus Christus met hulle te deel.
- Vra dat die plaaslike gemeentes in 'n bepaalde rampgebied verantwoordelikheid sal neem om mense te midde van die situasie te help, te voed en te onderrig.
- As daar voorheen geen effektiewe gebedsgroepe binne 'n rampgebied gefunksioneer het nie, bid dat gebedsgroepe gestig sal word. Ook dat hierdie groepe sal groei en voor die Here sal staan en by Hom sal pleit vir hulp en vir die redding van hulle gemeenskap.
- Bid dat die Kerk wêreldwyd meer sigbaar betrokke sal raak by die langtermyn ondersteuning van mense wat natuurrampe beleef het.

Dinsdag 15 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing in Hermassburg, Duitsland, bereik die eindes van die aarde (1844-1846)

Louis Harms is in 1844 as assistentleraar in Hermassburg, Duitsland, aangestel. Sy bediening het sterk klem gelê op geregtigheid deur geloof asook sistematiese huisbesoek. Spoedig was daar 'n geestelike herlewing en het die kerkgebou te klein geword vir al die mense wat verlossing en 'n dieper verhouding met God begeer het. Mense het selfs hulle onbybelse kulturele praktyke laat vaar. Nie net in Duitsland nie, maar ook in Afrika, is die passie om verlorenes te bereik, aangevuur. 'n Bybelskool is tot stand gebring om sendelinge op te lei en wêreldwyd uit te stuur. Toe al was daar 'n profesie in die gemeente uitgespreek dat die lig van die evangelie in Europa geblus sou word, maar dat sendelinge uit Afrika dit na Europa sou terugbring. Gevolglik het die gemeenskap 'n skip gebou en sendelinge na Afrika gestuur, wat hulle uiteindelik in die noorde van KwaZulu-Natal in Suid-Afrika gevestig het. Dit is hoe die Hermassburg-sending in 1854 in Natal ontstaan het. Dit het ook na Australië, Indië en die VSA versprei. Hierdie profesie is besig om in ons tyd in vervulling te gaan. In die laat 1960's het daar 'n herlewing in Noord-Natal by die KwaSiza-Bantu-sendingbasis uitgebreek, en tienduisende Zoeloes het hulle tot die Here bekeer. Spanne uit hierdie bekeerlinge het Duitsland toe gegaan en die evangelie daar met groot vrug verkondig. Tans word daar elke jaar baie kerke in Europa deur mense uit Afrika geplant. Om die waarheid te sê, van die grootste gemeentes in Europa is dié wat deur Christene uit Afrika gevestig word.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Vertaling van die Bybel in gebaretale

Prys die Here vir die *Translating the Bible into Sign Languages* werksessie wat onlangs in die Verenigde Koninkryk gehou is. Dit is deur meer as 70 persone bygewoon, onder wie 31 dowe deelnemers. Bid dat wanneer die dowe spanlede nuwe idees na hulle lande terugneem, ander daardeur aangemoedig sal word. Bid dat God

hulle sal lei waar hulle sal voortgaan of in sommige gevalle sal begin met die taak om die Bybel in hulle gemeenskappe vir die dowes te vertaal. Vra dat die Here gekwalifiseerde dowe aanbieders* sal voorsien vir die volgende konferensie in 2011.
* 'n Dowe persoon (fisies doof en gebruik by voorkeur gebaretaal as kommunikasiemiddel) met voldoende kennis en ervaring in linguistiek of die vertaling van die Bybel na gebaretaal en wat ook 'n goeie aanbieder is. (Jan Crowell, redakteur, gebedskoördineerder, *Wycliffe International*, e-pos: jan_crowell@wycliffe.net).

Woensdag 16 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing in krygsgevangenekampe (1899-1902)

Gedurende die Anglo-boereoorlog in Suid-Afrika (1899-1902) is baie Suid-Afrikaanse soldate na krygsgevangenekampe gestuur. Een so 'n kamp by Fort Amednagar in Indië het 1 000 gevangenes uit Suid-Afrika gehuisves. 'n Predikant uit Suid-Afrika het met 'n reeks dienste in die kamp begin. Honderde jongmanne het meteens tot bekering gekom. Baie van hierdie jongmanne is ná die oorlog as sendelinge opgelei. Dieselfde het in die kampe by Bhimtal en Sjahjanhapur (Indië) en op Ceylon gebeur. In Sjahjanhapur was daar 2 000 gevangenes. Eendag was daar 'n ernstige rusie tussen twee gevangenes; maar daarna het hulle een aand bymekaargekom en versoen geraak. Hulle het toe begin om vir die kamp en die redding van die mense te bid. Baie gou het ongeveer 1 000 mense elke aand die biduur bygewoon. Groot getalle het tot bekering gekom. Daar is ook uit St Helena en Bermuda – waar daar ook 'n groot aantal krygsgevangenes was – berigte oor herlewing ontvang. Orals het feitlik dieselfde ding gebeur: die predikante wat saam met die krygsgevangenes gegaan het, het die Woord kragtig begin verkondig, gebedsgroepe is begin, groot getalle jongmanne het tot bekering gekom en 'n aansienlike aantal van hulle het na die oorlog sendelinge geword. *(Die wonder van herlewing,* M.W. Retief, bll. 77-89, 1976)

Versoeningsdag

Vandag word as 'n dag van versoening in Suid-Afrika gevier met die fokus daarop om die konflik van die verlede te oorkom. Baie mense uit verskillende taal- en etniese groepe sal bymekaar kom om die dag te vier. Bid asseblief dat die Here Sy Gees oor al die mense in Suid-Afrika sal uitstort, sodat elkeen in die eerste plek 'n openbaring sal ontvang van die versoening wat Jesus Christus vir ons met ons Hemelse Vader bewerkstellig het. Vra dat daar onvoorwaardelike vergifnis in die harte van mense van elke groep in ons land teenoor mekaar sal kom en dat baie se harte sal verander en God sal volg.

Donderdag 17 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing deur die vuur van vervolging in Uganda in die 1970's en 1980's (1)

Toe Idi Amin in die 1970's in Uganda aan bewind gekom het, het die land 'n baie donker plek geword, 'n land van skande, hooploosheid, vrees, verskrikking en onuitspreeklike lyding. In 1973 is alle kerke verban en die land tot 'n Islamitiese land verklaar. Christene is vervolg en kerke gesluit. Maar Christene het met bidure in privaat huise begin. Die polisie en weermag het op hierdie byeenkomste toegeslaan en vervolging het toegeneem. Toe het die Christene in die bosse gaan bid. Hulle het nagte in gebed deurgebring, maar nogtans altyd die volgende dag gaan werk. Die polisie het hulle daar gaan uitsnuffel, maar hulle het net dieper in die bosse gaan wegkruip. Baie het hulle huise verlaat en in "ballingskap" in die bos gaan bly, sommige vir so lank as twee jaar. Hulle het eenvoudig aangehou bid totdat Idi Amin se regering omvergewerp is. Herlewing het in die kerke uitgebreek. Mense het geroep en gehuil na God. Sommige van die wat na twee jaar teruggekom het, was fisies gestrem as gevolg van die intense tye van intersessie, maar het die heerlikheid van die Here op hulle gesigte gehad. Die herlewing het oor die hele land versprei.

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir al die personeellede van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk.* Bid spesifiek vir hulle fisiese gesondheid, beskerming teen siekte, rampe en geestelike aanslae. Bid dat God nuwe deure sal oopmaak om gebed as 'n leefstyl te bevorder en so gewone mense sal inspireer om na God te roep. Volhard saam met ons in gebed dat gebedsmateriaal nie in die pos sal wegraak nie, veral die *Jerigo Mure Daaglikse*

Gebedsgids. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Vrydag 18 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing deur die vuur van vervolging in Uganda in die 1970's en 1980's (2)

Na die uitbreek van herlewing in Uganda het twee of drie jaar van vrede gevolg, vrede sonder gebed. Die Kerk het opgehou bid en al die probleme van voorheen het weer begin. Hier en daar is mense vermoor en rooftogte het toegeneem. Dit het geleidelik begin. Die Christene het daaroor gepraat, maar nie daaroor gebid nie. Toe het Milton Obutu, die man wat Idi Amin opgevolg het, weer met vervolging begin. Onder sy bewind was toestande nog erger as in die tyd van Amin. Hele dorpies se inwoners is vermoor en alles aan die brand gesteek. Vroue is voorgekeer en hulle babas vermoor omdat die babas nie identiteitskaarte gehad het nie. Swanger vroue is oopgesny en die ongebore babas is uitgehaal. Christene is gemartel en doodgemaak. Sommige is nooit weer gesien nie. Toe het 'n student van die universiteit 'n week van evangelisasiebyeenkomste op die stadsplein gehou en oor die onreg in die land gepraat. Hy het nie geskroom om God se boodskap oor te dra nie. Teen die einde van die week het die polisie hom eenvoudig voor al die mense doodgeskiet. Die Kerk was ontsteld. Daardie aand het ongeveer 10 000 mense bymekaargekom en tot God geroep om hulle te help. Toe 'n bejaarde leraar opstaan om na die kansel toe te loop, het 'n jong man uitgeroep: "Pastoor, waar is die almagtige God oor wie u al die jare gepreek het? Waar is die God van Elia?" Niemand kon preek nie omdat die mense skielik hard begin kerm en huil het. 'n Besluit is geneem: hulle moes terug na die bos en terug na gebed. Die vroue het bedags gebid en die mans het gaan bid wanneer die dag se werk klaar was. En die Here het herlewing gestuur. Die polisie het by die bidure opgedaag om die leiers in hegtenis te neem, maar wanneer hulle by die kerke ingestap het, was dit of hulle in 'n ander sfeer gekom het, asof hulle deur 'n sluier in die teenwoordigheid van God gekom het. Hulle het hulle wapens neergelê en Christus as hulle Verlosser aangeneem. Mense het van oraloor na die kerke begin stroom. Niemand het hulle genooi nie en dienste is nie geadverteer nie. Hulle het eenvoudig gekom en hulle lewens aan Christus oorgegee. Hierdie keer het hulle 'n jaar lank gebid voor Obutu tot 'n val gekom het. Na 'n paar jaar van vrede en herlewing het die Kerk opgehou bid … *('n Ooggetuieverslag deur John Mulinde in 1998)*

Gebedsfokus op gesondheid: MIV/VIGS in Swaziland

Die bevolking van Swaziland staan tans op 947,000, van wie 95 000 vigswesies is. Daar word geskat dat die bevolking teen 2015 tot 800 000 sal verminder en die aantal vigsweeskinders tot 250 000 sal styg. Indien hierdie tendens gehandhaaf word, sal die hele bevolking van Swaziland teen 2040 uitgewis wees. (*Petra College News* 2008:2, bl. 3. Becky Barends, Training Team Leader, *OM, South Africa*. Webruimte: www.omsa.org.za). Laat ons tot die Here roep vir 'n ommekeer in hierdie nasie. Bid asseblief dat Hy werkers na hierdie oesland sal stuur wat die evangelie op so 'n manier sal bring dat mense hulle harte en lewens aan Christus sal oorgee en Hom sal volg, en die nasie genees sal word.

Saterdag 19 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Die begin van die 1949-herlewing in die Hebride, op die Lewis-eiland (1)

Vir etlike maande voordat die herlewing op die Hebridiese eilande begin het, het mense gebid, en die aantal bidders het toegeneem. In party van die dorpe is die ligte in die huise later en later uitgedoof en in die oggende vroeër en vroeër weer aangesteek namate die mense meer tyd in gebed deurgebring het. Dominee James Murray MacKay en 'n paar Gelowiges het 'n verbond met God gemaak om vir herlewing te bid totdat mense tot die volheid van redding en Sy heerlikheid sou kom. Hulle het drie aande per week regdeur die nag gebid. In die eerste maand het daar niks gebeur nie. Een aand was sewe mans in 'n skuur besig om te bid. Een van hulle het opgestaan en **Psalm 24:3-4** gelees: "Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in Sy heiligdom gaan staan? Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is." Toe het hy gesê: "Ek dink dis onsinnig dat ons vir herlewing bid terwyl ons met sonde in die hart leef." Oombliklik het al sewe plat op die grond gelê. Hulle het begryp dat daar nie herlewing sonder heiligheid kan wees nie. Op die een of ander manier is daar op daardie oomblik 'n Goddelike

krag in die gemeenskap vrygestel. Niemand kon dit verduidelik nie, maar almal het geweet dit was daar. Iets het in die geestelike sfeer verander.
Twee bejaarde vroue, Peggy Smith, 84 en feitlik blind, en haar suster Christine, 82 en vooroor geboë a.g.v. artritis, het ook drie aande per week gebid. Op dieselfde aand toe die sewe mans die deurbraak in die skuur beleef het, het die Here dié twee vroue in hulle huisie ontmoet en teen vyfuur die oggend het hulle in 'n visioen kerke vol mense gesien. Hulle het hulle pastoor gaan sien, vir hom vertel wat gebeur het en gevra dat hy dadelik 'n telegram aan Duncan Campbell moet stuur om hom te vra om vir tien dae 'n reeks byeenkomste daar te kom hou. Die pastoor het so gemaak, maar Duncan Campbell het laat weet dat hy eers oor ses maande sou kon kom. Toe die pastoor die telegram vir Peggy Smith wys, het sy doodeenvoudig gesê: "Dit is wat die mens sê, maar die Here het iets anders vir my gesê. Hy sal binne twee weke hier wees. Stuur nog 'n telegram." Tien dae later was Duncan Campbell op Lewis-eiland. Hy het dadelik begin preek en die herlewing in Barvas het begin. (*Duncan Campbell*, *A Biography,* Andrew Woolsey, hoofstuk 8).

Gebedsfokus op die Woord: *Precept Ministries S.A.*
Precept Ministries is 'n bediening wat deur God in die lewe geroep is om mense toe te rus vir die bestudering van Sy Woord. *Precept Ministries S.A.* wil induktiewe Bybelstudiehulpbronne aan arm (geestelik en andersins) Afrikanasies beskikbaar stel. Bid asseblief dat daar voortdurend deure sal oopgaan om hierdie sending moontlik te maak. (*Precept Ministries S.A.* Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836. E-pos: info@precept.org.za).

Sondag 20 Desember 2009
Getuienis oor herlewing: Die begin van die 1949-herlewing in die Hebride, op die Lewis-eiland (2)
Toe Duncan Campbell in 1949 op Lewis-eiland aankom, het hy dadelik 'n kort boodskap gebring vir die 300 mense wat in die kerk vir hom gewag het. 'n Jong diaken het in die paadjie in die kerk gestaan en begin bid: "Here, U is 'n God wat u verbond hou. U durf ons nie weier nie." Skielik het hy hard uitgeroep en mense het by die kerkgebou begin instroom. Teen middernag was daar tussen 600 en 700 mense. Dit was eenvoudig God wat hulle gebring het. 'n Klompie jongmense was by 'n dansplek nie ver van die kerk af nie. Die musiek het skielik opgehou en die jonges het almal kerk toe gegaan. Mense het selfs op die kanseltrappies gesit! Duncan Campbell het begin preek maar na tien minute opgehou omdat hy nie sy eie stem kon hoor bo die mense se gekerm, gehuil en uitroepe om genade terwyl hulle hulle sondes bely nie. Die volgende môre het 200-300 mense spontaan by die polisiestasie bymekaargekom, vol berou en ontsteltenis oor hulle sondes. 'n Paar vroue het agter 'n varkhok gestaan waar hulle hulle sondes bely en hulle lewens met God reggemaak het. Jongmense het langs die paaie gestaan, onder diep oortuiging van hulle sonde. Vir vyf weke het dit so aangehou. Hierdie herlewing is deur vier dinge gekenmerk: 'n diep oortuiging van sonde, 'n besef van die mens se behoefte aan verlossing, prediking wat nie doekies omgedraai het nie maar sonde by die naam genoem het en mense tot berou en bekering opgeroep het, en 'n buitengewone, bonatuurlike, tasbare gevoel van die teenwoordigheid van God.

Maandag 21 Desember 2009
Gebedsfokus op redding: Werkers by vulstasies
Dit lyk soms of hulle nooit huis toe gaan nie. Hulle is altyd op hulle pos, veral by 24-7-vulstasies. Hulle moet dikwels 'n paar uur lank reis om betyds by die werk te kom en geniet selde gehaltetyd saam met hulle gesinne. Maar hulle is altyd vriendelik en bereid om jou te help met alles wat jy nodig het. Bid dat elke persoon wat by 'n vulstasie werk, die Here Jesus persoonlik sal ontmoet, dat hulle geestelik sal groei en honger sal wees vir die Woord van God. Onthou om hulle by elke geleentheid met die liefde van Jesus te bedien. Vra bv. uit, leer een van hulle en sy behoeftes ken – bid vir hom by die naam en help waar jy kan soos die Here jou lei.

Gebedsfokus op moraliteit: Sjina maak pornografiewebruimtes toe
Sjina het sy streng maatreëls teen elektroniese pornografie na die land se selfone uitgebrei, nadat hy 1 250 webruimtes as gevolg van hulle eksplisiete inhoud toegemaak het. Meer as 40 mense is aangehou omdat hulle

pornografie op die Internet versprei het, en meer as 3 miljoen "aanlyn-informasie items" is geskrap. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SciTech/News/1132/5a99cf54f15f4a76810fe14c44546f9e/21-01-2009-10-32/China_shuts_down_porn_sites). Dank die Here vir die verhoring van gebede rakende pornografie op die Internet. Hou asseblief aan om vir persone wat aan pornografie verslaaf is, te bid; dat hulle sal besef dat hulle verslaaf is en hulp sal gaan soek. Bid dat hulle die Here Jesus sal vind, wat hulle sal vrymaak.

Dinsdag 22 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Herlewing in die Hebride (3)

Duncan Campbell het in die dorpie Arnol gaan preek, maar baie mense het onaangeraak en ongeërg gebly. Hy het toe gevra vir 'n nag van gebed in 'n ou plaashuis. Tussen 30 en 40 mense het opgedaag. Teen middernag het 'n man opgestaan en begin bid. In die middel van sy gebed stop hy toe en sê: "Here, U het 'n belofte gemaak om water uit te giet oor hom wat dors is en strome op die droë grond, maar Here, dit gebeur nie." Na 'n kort stilte het hy uitgeroep: "Here God, U Naam is op die spel en nou daag ek U uit om U verbond gestand te doen en te doen wat U belowe het!" Op daardie oomblik het die huis begin skud, die breekgoed in die kombuis het geratel en God se krag het soos golwe oor hulle gespoel. Sommige mense het gedink dis 'n aardbewing. 'n Tweede golf van die herlewing het op die klein eiland Berneray voorgekom. Terwyl hy een aand op 'n sekere plek gepreek het, het Duncan Campbell groot geestelike weerstand ervaar. Hy het stilgebly en 'n jong man gevra om te bid, wat toe in sy gebed na **Openbaring 4:1** verwys (die deur in die hemel wat oopgemaak is). Die jongman het begin huil. Die volgende oomblik het God se teenwoordigheid oor die gemeente gespoel; baie mense het plat op die vloer gelê en huil en tot God om genade roep.

Gebedsfokus op redding: Die Ngai van Viëtnam

Die Ngai minderheidsgroep is een van die kleinste groepe wat amptelik deur die Viëtnamese owerheid erken word, ongeveer 1 500 in getal. Hulle woon hoofsaaklik in die eiland- en kusgebied van die Quang Ninh-provinsie in die noorde. Die meerderheid woon op klein bootjies. Hulle aanbid die godin van die vissermanne en eer die geeste van die vis, walvis en seedraak. Daar is geen Skrifgedeelte in hulle taal beskikbaar nie en sover bekend geen Christengemeenskappe onder hulle nie. Bid vir 'n geestelike ontwaking onder hierdie verlore mense. Bid vir ontvanklikheid vir die evangelie en dat alle kontak wat Christene met hulle sal hê, deur die liefde van Jesus gekenmerk sal word. Bid ook dat daar binnekort 'n Skrifgedeelte in hulle taal beskikbaar gemaak sal kan word. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 23 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: John Hyde en die Sialkot-herlewing in Indië (1904-1910) (1)

In alle herlewings gebruik God mense as instrumente deur wie Hy werk. Soms is dit predikers wat meer prominent gebruik word, ander kere is dit bidders. John Hyde staan bekend as een van die merkwaardigste gebedstryders in die geskiedenis van die Kerk. Hy was intens betrokke by Indië tydens die dekade van herlewing (1904-1910) wat in baie lande regoor die wêreld voorgekom het. In die Punjab (vandag deel van Pakistan) waar John Hyde gewerk het, het die eerste roeringe van herlewing (Sialkot-herlewing) in 1904 begin. Predikante, leiers en kerklidmate is aangemoedig om 'n vorm te onderteken waarin hulle die volgende vyf vrae moes beantwoord en onderneem om by hulle antwoorde te hou: (1) Bid jy tans vir 'n herlewing in jou eie lewe, in die lewens van die mense wat saam met jou werk en in die Kerk? (2) Begeer jy groter krag van die Heilige Gees in jou eie lewe en werk, en is jy daarvan oortuig dat jy nie sonder hierdie krag kan voortgaan nie? (3) Is jy gewillig om te bid dat jy jou nie vir Jesus sal skaam nie? (4) Glo jy dat gebed die belangrikste manier is om hierdie geestelike ontwaking te laat gebeur? (5) Is jy bereid om elke dag 'n halfuur so gou moontlik na twaalfuur die middag opsy te sit om vir hierdie ontwaking te bid en is jy bereid om te bid totdat die ontwaking kom?

Gebedsfokus op kinders: Noord-Korea

Menigte kinders in Noord-Korea is weeskinders; baie word as slawe verkoop, misbruik, is haweloos, honger en siek, of woon in gevaarlike omstandighede. Bid asseblief dat elke kind in Noord-Korea gered sal word uit die mag

van die duisternis en dat die Here 'n kragtige bevryding sal bewerk sodat hierdie hele generasie lewe, hoop en 'n toekoms sal hê en Sy liefde sal leer ken. Bid dat elkeen van hierdie weerlose kinders deur die krag van Jesus Christus volkome genees en geseën sal word. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Donderdag 24 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: John Hyde en die Sialkot-herlewing in Indië (1904-1910) (2)

John Hyde was reg van die begin af deel van die *Prayer Union*. Hierdie gebedsgroep het gesien dat die lande "ryp is vir die oes" en het begin fokus op die onveranderlike beloftes van God in Sy Woord. Hulle was oortuig daarvan dat hulle hierdie geestelike ontwaking nét deur gebed sou verkry. Terwyl honderde mense vir 'n ontwaking gebid het, het drie manne onder hulle hulleself vir buitengewone en verlengde tye van gebed afgesonder. In die tyd voor die Sialkot-konvensie het hierdie manne dertig dae lank dag en nag op God gewag. Toe die konvensie begin, was daar 'n diepe oortuiging en 'n opregte belydenis van sonde en baie het bevryding gevind. In die lente van 1905 het die *Prayer Union* weer bymekaargekom en hulle het opnuut onderneem om vir herlewing, asook spesifiek vir die Sialkot-konvensie te bid wat in die herfs van daardie jaar sou plaasvind. Gedurende die konvensie was John Hyde feitlik dag en nag in die gebedskamer. Een nag tydens die konvensie is die bidders met onuitspreeklike blydskap vervul. Toe John Hyde na die saal stap om te gaan preek, kon hy net die volgende woorde uitkry, drie keer in Urdu en drie keer in Engels: "*Ai Asmani Bak*", (O hemelse Vader). Daarna was dit asof 'n groot oseaan oor daardie byeenkoms gespoel het: God se liefde is uitgestort as gevolg van een man se gehoorsaamheid. Belydenisse van sonde onder trane het gou verander na blydskap en uitroepe van vreugde. Terwyl sommige vroeg gaan slaap het, het ander ure lank gebid; party heelnag, en ander het in die gebedskamer gaan sit. Daar het sommige gebid, ander het lofliedere gesing; sommige het sittend gebid, ander het gekniel, ander het plat op die vloer voor God gelê, net soos die Gees hulle gelei het. Op hierdie manier het die herlewing in die Punjab en verder versprei.

Gebedsfokus op redding: Die Yao van Viëtnam

Die Yao kom oorspronklik uit Sjina, en meer as twee miljoen woon steeds daar. Ongeveer 550 000 Yao woon in die hoogliggende berggebiede in die noorde van Viëtnam. Dit is bekend dat daar meer as 3 000 van hulle in Viëtnam tot redding in Christus gekom het nadat hulle na die uitsendings van die evangeliese radio in hulle eie taal geluister het. Bid dat God hulle sal beskerm en deur hulle lewens sal werk om nog baie meer van die Yao na Hom te bring. Vra vir meer deurbrake en dat totale gemeenskappe saam na Jesus sal kom. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Vrydag 25 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: John Hyde en die Sialkot-herlewing in Indië (1904-1910) (3)

Tydens die Sialkot-konvensie van 1908 het John Hyde die Here gevra om hom een siel per dag vir die volgende jaar te gee. In die volgende jaar het hy meer as 400 mense na God gesien kom. Tydens die 1909-konvensie het hy die Here vasgegryp en Hom vir twee siele per dag gevra. God het sy versoek toegestaan. En tydens die 1910-konvensie het hy met God geworstel totdat hy die versekering gehad het dat God hom vier siele per dag sou gee. Die mense wat hom geken het en sy lewe gesien het, het getuig van die prys betrokke by voorbidding vir die redding van hierdie siele, ook dat die ontwaking moes voortgaan en versprei, vir die lewens van leraars en leiers en vir die uitbreiding van die Koninkryk van God in die Punjab. Hier sien ons 'n herlewing wat in gebed en deur volgehoue gebed gebore is. Ons sien die invloed van die gebedslewe van een man wat geweet het hoe om God as't ware vas te gryp. Ons sien wat kan gebeur wanneer een mens bereid is om met volharding met God te worstel totdat die deurbraak daar is en dan aanhou bid en nie ophou toe die eerste deurbraak gekom het nie.

Kersdag: Die Woord het vlees geword

Die meeste Christene in die Westerse wêreld vier vandag Kersdag. Laat ons die plan en bedoeling van God die Vader deur Sy Seun aan elke stam, taal, volk en nasie in Suid-Afrika en die res van die wêreld verkondig. Ons verklaar dat Jesus Christus die Woord van God is; Skepper van alle dinge; die Lewe en die Lig. Here Jesus

Christus, ons verklaar vandag dat U die Lewende Woord van God is; U is die Weg, die Waarheid en die Lewe (**Joh.14:16**). Hemelse Vader, ons bid dat baie mense vandag die wonder sal besef van die Woord wat vlees geword het. Ons bid veral vir die redding van diegene wat in allerhande godsdienste van ons tyd vasgevang is, dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met U sal hê wanneer die lig van U waarheid in hulle duisternis begin skyn.

Saterdag 26 Desember 2009

Getuienis oor herlewing: Die invloed van klein gebedselle (gebedsgroepe, "gebedsverenigings", huisgebedselle, gebedsdrielinge) (1)

Herlewing 'gebeur' nooit sommer net nie. Daar is altyd 'n doelbewuste voorbereidingstyd wat dit voorafgaan, en dié voorbereiding sluit altyd gebed in. Dr. James Edwin Orr, 'n beroemde kenner van herlewing, het gesê dat elke herlewing teruggevoer kan word tot enigiets van een tot agt of tien mense wat vir herlewing begin bid het. Die geskiedenis bewys dat klein gebedsgroepies een van die beste, eenvoudigste en effektiefste strategieë is om herlewing en vernuwing in die Kerk te bring. Die volgende is enkele voorbeelde van die gebruik van gebedsgroepe in die afgelope 350 jaar. Die gebruik en vermenigvuldiging van klein gebedsgroepe is steeds die doeltreffendste manier om dorpe, stede en nasies met gebed te deurdrenk en gebed te mobiliseer vir herlewing. In Handelinge het die vroeë kerk in huise bymekaargekom en gebid. Voor die kragtige uitstorting in 1859 in Ulster, Ierland, was daar 'n bestendige toename in gebed in die maande vooraf. Gebedsgroepe het oral ontstaan, veral onder die jongmense. Toe die herlewing uitgebreek het, was daar 104 gebedsgroepe in Ulster wat vir herlewing gebid het. **R.A. Torrey is in 1905 na Australië** vir 'n reeks byeenkomste. Toe hy in Melbourne, Australië, aankom, was daar reeds 2 100 gebedselle met 20 000 mense wat in huisgebedsbyeenkomste gebid het. 'n Atmosfeer van herlewing was tasbaar by hierdie byeenkomste en daar was 'n merkwaardige oes van siele. Maar vir 11 jaar voor 1905 het 'n groep leraars en gemeentelede Saterdagaande bymekaargekom en by God gepleit vir 'n "groot herlewing". Voor die wêreldwye herlewing wat **in 1904 in Wallis begin het**, was daar 'n tydperk van sewe tot agt jaar waarin die stukrag van gebed in tientalle lande regoor die wêreld begin toeneem het. Jessie Penn-Lewis wys daarop dat daar in Wallis self sedert 1897 'n skielike toename in gebed, 'n honger vir herlewing en 'n diepe besorgdheid oor die toestand van die Kerk was. Veral na 1902 het die gebedsintensiteit toegeneem. Meer gemeentes het begin bid; meer gebedsbyeenkomste het tot stand gekom en meer mense het dit bygewoon. In die eerste maande van 1903 het vier jong mans, slegs agtien jaar oud, twee maande lank elke aand teen die berghang byeengekom om te bid. Talle mense het by hulle aangesluit, en dit het tot 'n geestelike ontwaking in hulle gemeente gelei.

Gebedsfokus op gesondheid: *VN* stuur polioveldtog in Wes-Afrika van stapel

Volgens die *Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF)* word 53 miljoen kinders geteiken deur 'n massa-immunisasieveldtog teen polio in agt lande in Wes-Afrika. Meer as 162 000 mense is gemobiliseer om die sluk-entstof aan kinders onder vyf jaar toe te dien. Die veldtog is daarop gemik om die verspreiding van polio te beëindig nadat die siekte in Nigerië uitgebreek en na ses ander lande versprei het. Tot 844 gevalle van polio is in 2008 in dié lande aangemeld, 95% daarvan in Nigerië, Afrika se digsbevolkte land. Die siekte word deur middel van besmette kos en water asook ontlasting oorgedra. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=31&art_id=nw20090228151052295C775445&newslett=1). Bid dat hierdie projek sal slaag, maar veral dat diegene wat dit bestuur, Gelowiges sal wees wat die evangelie sal versprei en God se liefde vir kinders deur hulle werk sal demonstreer.

Sondag 27 Desember 2009

Herlewingsgetuienis: Die invloed van klein gebedselle (gebedsgroepe, "gebedsverenigings", huisgebedselle, gebedsdrielinge) (2)

In **1902 het die mense by die Keswick-konvensie in Brittanje** (met ongeveer 5 000 aanwesiges) van die huisgebedselle in Australië gehoor. Moeg georganiseer en afgesloof, het die mense besluit om dieselfde beginsel van **huisgebedselle** te volg, naamlik **klein groepies van 2-3** of meer wat bymekaar kom om vir herlewing in Brittanje en ook wêreldwyd te bid. In ongeveer **1680 het Philip Jacob Spencer "gebedsverenigings", klein gebedsgroepe,** aangemoedig waarin mense vir gebed en Bybelstudie bymekaar kon kom. Hierdie

gebedsverenigings het tot 'n merkwaardige geestelike oplewing aanleiding gegee. Jonathan Edwards, bekend as 'n leier in die **1741-herlewing in Northampton en New England**, het ook geglo in **gebedsverenigings of gebedsgroepe**. Reeds gedurende die dekade 1730-1740 het gebedsverenigings in baie dorpe en gemeentes regdeur New England vermenigvuldig. **Graaf Nicholas von Zinzendorf** en die invloedryke **Morawiese gebeds- en sendingbeweging** het die konsep van **gebedsverenigings** aanvaar vir die verspreiding van die evangelieboodskap. **William Carey**, ook bekend as die vader van die moderne sendingbeweging, en wat besondere werk as sendeling in Indië gedoen het, is diep geraak deur die **idee van gebedsverenigings**. Die **Cambuslang-herlewing in Skotland in 1742** was op die konsep van **gebedsverenigings** geskoei. Dieselfde metode van vermenigvuldigende gebedsgroepe is in **Nederland en Duitsland** gevolg. **John Wesley** het van die konsep om gebedsgroepe op soveel plekke in die gemeenskap as moontlik tot stand te bring, te hore gekom en dit aangemoedig. **In 1989 het Brian Mills** die beginsel van "gebedsdrielinge" (drie persone in 'n gebedsgroepie wat elkeen vir drie ongeredde mense bid) gebruik om vir **Billy Graham se 1989-veldtog in Londen** voor te berei. Meer mense is in die maande voor die veldtog deur middel van die ***gebedsdrielinge*** gered as wat tydens die veldtog self op die oproep gereageer het.

Maandag 28 Desember 2009

Gebedsfokus op redding: Restaurant-eienaars

Restaurant-eienaars ly dikwels verliese as gevolg van kragonderbrekings, stakings deur taxibestuurders, en diefstal van geld en kos deur personeel. Bid asseblief vir alle restaurant-eienaars, ook die eienaars van kitskosplekke. Vra dat hulle klante sal kry wat Christus op so 'n manier aan hulle sal bedien dat dit die wat die Here nie ken nie, sal aanmoedig om hulle lewens aan die Here oor te gee. Bid dat hulle teen bedrog beskerm sal word en vir God se guns sodat hulle ondernemings kan voortgaan en ook werk aan hulle personeel verskaf.

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: Malaria

Navorsers het na meer as 40 jaar die eerste wêreldkaart geskep wat die tempo van malariabesmetting aandui. Dit is 'n poging om beleid te help vorm en die vordering in die stryd teen die siekte te monitor. Navorsers het in 2007 data van ongeveer 8 000 opnames gebruik om die aantal mense in malariagebiede wat die parasiet in hulle bloedstroom het, aan te stip. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/news/world-malaria-map-could-guide-control-policy.html of http://www.plosmedicine.org). Hou asseblief aan met bid vir wysheid vir die navorsers, vir deurbrake en dat hulle binnekort 'n geneesmiddel en 'n effektiewe oplossing teen die verspreiding van malaria sal kry.

Dinsdag 29 Desember 2009

Herlewingsgetuienis: Die invloed van die 1858-1862-herlewing in Suid-Afrika op die samelewing (1)

Voor die herlewing van 1858-1862 was die geestelike lewe in die gevestigde kerke en sendingvelde op 'n algehele laagtepunt. Die godsdiens was baie formeel, bidure is swak bygewoon en sonde het gefloreer. Toe die herlewing kom, het die samelewing begin verander. Mense se gedrag en optrede het verander; hulle het hulle begin besig hou met dinge wat voor die herlewing nie deel van hulle lewens was nie. Op feitlik elke plek waar die herlewing uitgebreek het, was daar 'n diep oortuiging van sonde. Groot, sterk mans het tot God geroep en oor hulle sonde gehuil. Berugte sondaars het berou gekry en die Here begin volg. Op baie plekke was daar angs en diepe vrees vir God. Groot getalle mense het in elke gemeenskap tot bekering gekom. Mense het dikwels van hulle sonde oortuig geraak sonder dat hulle enige kerkdiens bygewoon of dat enigiemand met hulle gepraat het. In sommige gebiede was mense onbewus van die herlewing, maar het meteens oor hulle siele besorg geraak en na God begin soek. Buitengewone tonele het hulle in daardie tyd afgespeel. Hartverskeurende getuienisse van bekering is gehoor. Mense het gesigte gesien en ontstellende drome gedroom. In sommige gevalle het mense in hulle huise tot bekering gekom, in ander gevalle selfs agter bosse en rotse, op berge en in klowe. Mans, vroue, grysaards, kinders, base en knegte – almal het die knie voor die Koning van die konings gebuig en om genade gesmeek. Dit was nie blote emosie nie. Die bekerings uit hierdie herlewing was blywend. Oor die volgende dekades was daar baie min mense wat teruggeval het.

Gebedsfokus op danksegging: *World Mission Centre*
Dit is vanjaar die 20ste bestaansjaar van die *World Mission Centre.* Ons dank die Here vir Sy goedheid, genade, voorsiening, geopende deure, guns en baie meer! Dankie vir al julle gebede, dit dra baie vrug. (*World Mission Centre*. Tel.: 012 343 1165, sel: 083 300 2567. Webruimte: http://www.worldmissioncentre.com/ of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org). Dank die Here vir Sy getrouheid soos blyk uit hierdie terugvoer van die *World Mission Centre.* Volhard in gebed vir elke persoon wat op grondvlak by die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus onder Afrika en ander nasies betrokke is.

Woensdag 30 Desember 2009
Herlewingsgetuienis: Die invloed van die 1858-1862-herlewing in Suid-Afrika op die samelewing (2)
In 1858 het mense begin om bidure by te woon, dikwels tot in die vroeë oggendure. Joseph Jackson, 'n Metodiste-predikant wat in KwaZulu-Natal gewerk het, het getuig: "… die Gees het op so 'n oorweldigende wyse oor hulle gekom dat hulle nie kon huis toe gaan nie, maar aangehou bid het tot dagbreek toe." In Worcester, Montagu, Wellington en Stellenbosch het mense op elke moontlike tyd van die dag gebid, veral in die aande. 'n Nuwe blydskap en vryheid was sigbaar in die lewens van die bekeerdes; hulle het onmiddellik 'n besorgdheid oor die verlorenes gekry en vir hulle redding begin bid. Kerkbywoning het dramaties toegeneem. Groot getalle mense het die kerkdienste bygewoon, in baie gevalle elke dag. Daar was skielik 'n merkwaardige eenheid onder die kerklike leiers en ook onder die Gelowiges. Finansiële vrygewigheid het toegeneem. Oral het mense oor God gepraat. Selfs nie-Christene het oor God begin praat! In baie dorpe was daar die onverklaarbare teenwoordigheid van God. Daar het daagliks mense tot bekering gekom en hulle is by die Kerk van God gevoeg. Mense was nie skaam om oor hulle verlossing te getuig nie. Hulle was ook diep begaan oor die verlorenes. Die wonderlikste van die herlewing van 1860 was die sendingywer wat daarop gevolg het; mense het tot so ver as Zambië en die destydse Rhodesië gereis om die evangelie te verkondig en sendingstasies op te rig. Die Heilige Gees het die Gelowiges bewus gemaak van hulle Christelike verantwoordelikheid teenoor hulle huis- en plaaswerkers, en hulle het aktief daarop geantwoord deur ruimskoots tot uitreikprogramme by te dra. Suid-Afrikaanse Christene se per kapita-bydrae tot sending in daardie tydperk was meer as dié van enige ander land. Binne tien jaar is twaalf sendingstasies in die Kaapkolonie gevestig, en ook verder tot in Zimbabwe, Botswana, Malawi en selfs in die Soedan.

Gebedsfokus op danksegging: Rekord ten spyte van resessie
Befondsing van die *Verenigde Nasies* se aktiwiteite wêreldwyd het tot dusver vanjaar rekordhoogtes bereik ondanks die ekonomiese resessie. Befondsing deur regerings vir humanitêre behoeftes het minstens dieselfde gebly, al het die behoeftes sedert die begin van die jaar aansienlik toegeneem, grootliks as gevolg van onverwagte krisisse, soos bv. die ontworteling van mense in die noordweste van Pakistan. Ook in Kenia het die behoeftes groter geword vanweë die gesamentlike uitwerking van die droogte en die groter wordende stroom vlugtelinge uit die buurland, Somalië. (Webruimte: http://business.iafrica.com/worldnews/1813323.htm). Dank die Here dat Hy in die praktiese behoeftes van mense in nood voorsien. Bid dat hierdie geld wél aangewend sal word tot voordeel van die mense in nood. Vra ook dat mense die geleentheid sal kry om die boodskap van Christus te hoor en dit sal aanvaar.

Donderdag 31 Desember 2009
Herlewingsgetuienis: Die invloed van die 1858-1862-herlewing in Suid-Afrika op die samelewing (3)
Die mense se optrede, nie net dié van nuwe Gelowiges nie, het merkbaar verander. Hulle het heilige lewens begin lei. Gesinsverhoudings is herstel. Mans het hulle rol as vaders opgeneem en die Bybelse orde in gesinne is herstel. Daar was baie getuienisse van versoening in gesinne en talle verhale van ou rusies wat opgelos is. Mense wat met haat en onvergewensgesindheid saamgeleef het, is met hulle bure, familie en mense in die sakegemeenskap versoen. Mense van verskillende rasse is met mekaar versoen; hulle het saam aanbid, saam gebid en mekaar in liefde aanvaar. Sakemanne het hulle onwettige bedrywighede gestaak en sake met eerlikheid en opregtheid bedryf. Werksomstandighede en die gehalte van die werk het verbeter. Jeugmisdaad en seksuele

immoraliteit het tot 'n einde gekom. Drinkery en vloekery het opgehou. Die tronke het geleidelik leër geword. Misdadigers het tot bekering gekom. Ou skuld is betaal. Hierdie herlewing het KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap, die Vrystaat en die Wes-Kaap en baie sendingvelde in die noorde van die land geraak. Dit het afgeleë gemeenskappe en groter dorpe beïnvloed. Mense kon nie aan die kragtige werk van die Heilige Gees ontkom nie. In Stellenbosch het 'n kerkbulletin gelui: "Die ganse samelewing het verander, ja, dis letterlik onderstebo gekeer!"

Gebedsfokus op redding: Die Cong-mense van Viëtnam
Die Cong praat vyf verskillende dialekte en staan onder 'n menigte etniese name bekend. Hulle woon in die verre noordwestelike provinsie langs die Swartrivier wat aan Laos en Sjina grens. Ander sprekers van dieselfde taal woon in Laos en Thailand. Voorvaderaanbidding is die vernaamste godsdiens. Sover bekend is daar géén Christene onder die Cong nie. Hoewel daar 'n beduidende teenwoordigheid van Christene in Suid- en Sentraal-Viëtnam is, is baie min dele van Noord-Viëtnam al deur die Christendom aangeraak. Vra die Here om werkers in hierdie spesifieke oesland te stuur. Bid dat die Cong die waarheid oor Jesus sal hoor en ten volle sal verstaan en hulle vertroue in Hom sal stel. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Mans wat bid: Mans kan nee sê

(*Hierdie skrywe is nét so van toepassing op vroue, maar ons fokus hier op die mans*).
Mans wat rein en heilig lewe is dringend nodig in ons samelewing vandag. Die probleem lê nie regtig net by nie-Christene nie. Veel eerder is dit ongelukkig waar dat soveel Christen-mans onrein lewe. Die beroep op mense om rein en heilig te lewe, word vinnig afgemaak met verwyte dat jy nie moet oordeel nie, dat jy self skynheilig is, en dat jy nie moet dink dat jy beter as ander is nie.

Dit gaan egter glad nie hier oor een mens wat 'n ander een oordeel nie. Die Skrif maak dit baie duidelik dat ons rein en heilig moet lewe. Mans wat rein en heilig lewe, dra Bybelse standaarde in hulle huwelike en gesinne in. Dit heilig hulle gesinne, dit dra oor na die gemeente en beïnvloed hulle werksplek en filter uiteindelik deur die hele samelewing. In **1 Tessalonisense 4:7** lees ons: "God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe." Heiligheid vernietig onsedelikheid en onreinheid. Die teenoorgestelde is ook waar. Jesus verduidelik in **Markus 7:22** watter dinge ons onrein maak: slegte gedagtes, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed en ligsinnigheid.

Rein lewens is die behoud van huwelike. Dit rig 'n geestelike standaard in die samelewing op en kies teen die onrein dinge wat in **Markus 7:22** genoem word. Wanneer ons so optree, kom daar vrede in ons harte, ons huise, werksplekke en die land. Dit maak ons vry en seën ander mense. Dit begin egter by mans wat kies om rein te lewe. Mans kán nee sê vir onrein verhoudings. Mans is nie "slagoffers" van hulle drange of van vrouens wat hulle uitlok om by onrein verhoudings betrokke te raak nie. Mans kies om hulleself onrein te maak wanneer hulle betrokke raak by buite-egtelike en seksueel onrein verhoudings; wanneer hulle na pornografiese lektuur kyk of pornografiese webruimtes besoek; wanneer hulle bly sit om na films met naak en seksuele uitlokkende tonele te kyk. Mans kan kies om nie onrein dinge te doen soos wat Jesus dit in **Markus 7:22** noem nie.

Ons samelewing bestaan vandag al hoe meer uit geweld-geteisterde gesinne en hier verwys ons nie na geweld van buite nie. Die geweld kom van binne, a.g.v. egskeiding. **Maleagi 2:16** sê dat God egskeiding haat en dat dit niks anders as geweld is nie. As ons as Christen-mans enigsins erns wil maak met God se Woord en 'n einde wil maak aan die egskeidingsgeweld wat ons kinders se lewens verwoes, sal ons moet begin deur God se opdrag om as mans heilig te lewe, te gehoorsaam.

Hoe kom ek as man by 'n heilige lewe uit? Die volgende is 'n paar riglyne en gedagtes om te oorweeg:

- **Bely jou sonde**. Lees **Mark.7:22, Gal.5:19-21 en 1 Kor.6:9-10**. Vra die Heilige Gees om vir jou spesifieke sondes uit te wys en skryf dit neer. Maak afdelings vir die verskillende tydperke uit jou lewe: voorskool,

laerskool, hoërskool, naskool, universiteit, getroude lewe, ens. Wanneer jy dit neergeskryf en bely het, vernietig die papier. Neem daagliks tyd om voor die Here te staan en vra Hom om vir jou die dinge te wys wat bely moet word. Moenie gaan 'krap' vir sonde nie – laat die Heilige Gees toe om dit vir jou te wys. Hou aan daarmee totdat daar nie meer dinge is waarvan jy weet, wat bely moet word nie. Wanneer die verlede hanteer is, kan jy elke aand voordat jy gaan slaap vir die Here vra om vir jou dinge uit te wys waar jy op 'n onrein of selfs net op 'n twyfelagtige wyse opgetree het.

- **Kies 'n leefstyl wat jou van versoeking en sonde weerhou**. Kry een of twee persone teenoor wie jy verantwoordbaar kan staan - mense met wie jy dinge in jou lewe kan deel, wie jy kan vra om jou te help en jou aan te spreek wanneer hulle dinge in jou lewe sien wat buite die wil van God en onrein is. Maak 'n ooreenkoms met minstens een persoon wat jy kan vertrou om op 'n gereelde basis vir jou te vra of jy nog rein lewe in jou kontak met ander vroue (dit sluit gesprekke en gedagtes in).
- **Wees wys**. Moenie alleen saam met jou sekretaresse of 'n ander vrou in 'n motor ry nie (as dit nie anders kan nie, kry nog iemand om saam te ry). Moenie vrouens alleen agter 'n toe deur beraad of help nie. Sit bv. in jou kantoordeur 'n glasvenster in sodat enige persoon te eniger tyd kan sien wat binne aangaan, maar handhaaf sover moontlik 'n oopdeur-beleid. Wanneer die "manne" begin om vuil grappe te vertel of grappe wat vrouens verkleineer, moet jy óf loop óf duidelik maak dat dit nie vir jou aanvaarbaar is nie (gewoonlik stop dit dan onmiddellik). Moenie opmerkings teenoor vrouens maak wat misverstaan kan word en/of jou huislike en emosionele probleme met 'n ander vrou bespreek nie. Sommige van die dinge wat hier genoem word mag vir jou onprakties, ongehoord en selfs belaglik of absurd klink, en tog sal dit jou teen 'n magdom versoekings beskerm. Dit is juis hier waar baie mans in versoeking gekom het en sonde gedoen het. Die Woord sê daar moet nie eers 'n skyn van kwaad by ons wees nie (**Ef.5:15**). Ons moet so leef dat ons nie mense wat ons lewens dophou (bv. ons kinders of nie-Christene) verwar of afskrik van Christenskap met ons optrede nie.
- **Wees rein met goed en geld**. Gaan besin voor die Here oor jou gesindheid teenoor geld, dinge in jou besigheid wat nie 100% in lyn is met die landswette nie of wat God sal sien as bedrog of diefstal, enige kwaadpratery of hoogmoed in jou hart. Vra die Here om jou te help om praktiese reëlings te tref om jou te help om elkeen van hierdie slaggate te vermy.
- **Kies om God radikaal te volg**. Neem jou Bybel en begin al die bevele wat God vir ons gee, te onderstreep en maak seker dat jou lewe in lyn is met daardie opdragte/bevele. Begin met die Nuwe Testament – dit behoort vir jou 'n goeie basis te gee.
- **Staan vas in wie jy is in God**. Moenie jouself met ander vergelyk en argumenteer dat hierdie of daardie persoon 'n spesifieke ding doen of nie doen nie. Die Woord alleen moet jou standaard wees. Niks anders nie.

(Kyk ook na artikel vir tieners wat fokus op sosiale media).

DAAGLIKSE GEBEDSPUNTE – Januarie 2010

Vrydag 1 Januarie 2010

Gebed vir die regering: Bid vir President Jacob Zuma en die adjunkpresident, mnr. Kgalema Motlanthe, tesame met hulle kabinet, dat hulle die onderskeidingsvermoë sal hê om verstandige besluite te neem wanneer hulle advies van parlementslede en ander leiers kry.

Gebedsfokus op kinders: **Die spoorwegkinders van Noord-Indië**

Serving in Mission (SIM) werk met kinders van die agterbuurte van Noord-Indië wat die spoorlyne en stasies hulle woonplek gemaak het. Bid vir hulle werk om intellektuele en geestelike opvoeding, berading, mediese hulp, voedselprogramme, beroepsopleiding en dissipelskap te verskaf aan hierdie kinders wat nie skool kan bywoon nie.

Saterdag 2 Januarie 2010

Gebed vir die regering: Bid vir die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Tina Joemat-Petterson, en die adjunkminister, dr. Pieter Mulder. Bid dat hierdie departement die insig sal hê om die land se natuurlike hulpbronne met wysheid te bestuur.

Die Woord onder oog: Die Bybel is deur mense vír mense geskryf, onder die inspirasie van die Heilige Gees. Dit maak God die Vader se wil en doel vir Sy totale skepping bekend, en ook vir die herstel daarvan deur Sy Seun Jesus Christus op Golgota. Dit is deur die geskrewe Woord van God dat miljoene mense deur die eeue hulle redding in Jesus Christus gevind het.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat U geskrewe Woord tot sy oorspronklike bedoeling in die Kerk herstel sal word.
Proklameer die Woord: Die Woord van God is die hart van God wat geopenbaar is tot redding en herstel van die mensdom, tot hulle versoening met God die Vader deur die kragtige werking van die Heilige Gees en in die Naam van Jesus Christus.

Sondag 3 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die Minister van Kuns en Kultuur, Lulu Xingwana, en die adjunkminister, Paul Mashatile. Bid dat die departement insig en invloed sal hê om wyse besluite te neem waarby hierdie bedryf baat sal vind en God se guns sal geniet.

Die Woord onder oog: Die vrees van die Here (die ware godsdiens en godvresendheid wat deur die Woord voorgeskryf word, wat in die hart gegrondves is en uitgeleef word) is suiwer en sal ons reinig (**Joh.15:3**). Dit hou ons lewe skoon (**Ps.119:9**). Dit bestaan vir ewig; dit is 'n ewigdurende verbintenis en kan nooit gekanselleer word nie. Elke keer wanneer die Israeliete die verhaal van hulle uittog uit Egipte vertel het, het hulle opnuut verstaan waarom die Here gevrees moet word. Omdat ons God vrees, veroorsaak dit ook dat ons Hom respekteer, dat ons ons lewenskeuses met groter versigtigheid maak en ook noukeuriger let op dit wat ons sê en doen. Sy Gees maak ons intens bewus van die feit dat die Here alles sien wat ons doen (**Heb.4:13**). Ons leer God beter ken wanneer ons Sy Woord bestudeer.
Bid die Woord: Vader, ons bid dat 'die vrees van die Here' sal terugkeer na die hart van die Kerk. Help ons as die Kerk om te besef dat U ons vriend, Vader en Helper is, maar beslis nié ons gelyke wat oneerbiedig behandel kan word nie, vir wie opdragte gegee kan word of wat gemanipuleer kan word om alles te gee wat gevra word, tensy dit in ooreenstemming met U soewereine wil is. Wek ons harte op om U Woord te bestudeer en te leer hoe om U te vrees.
Proklameer die Woord: *Mag die vrees van die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie* (**2 Kron.19:7**). *Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig* (**Job 28:28**). *Dit is suiwer en duur tot in ewigheid* (**Ps.19:9**); *kennis begin met die dien van die Here* (**Spr.1:7**), dit is *die Gelowige se kosbare besitting* (**Jes.33:6**); *dit is 'n bron van lewe en dit laat jou die strikke van die dood ontkom* (**Spr**.**14:27**). *Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug en ook Sy kinders vind daar skuiling* (**Spr.14:26**).

Maandag 4 Januarie 2010

Bid vir die regering: Bid vir die minister van Vrouesake, die Jeug, Kinders en Gestremdes, Noluthando Mayende-Sibiya. Bid dat hierdie departement 'n betekenisvolle rol sal speel in die verbetering van die omstandighede van mense met spesiale behoeftes.

Gebedsfokus op redding: Hindoes in SA

Suid-Afrika is negende op die lys van die tien lande met die hoogste Hindoe-bevolking in die wêreld, met 'n geskatte 1 078 667 mense (*Top Ten of Everything* 2008, bl. 69). Die meeste Hindoes in die land woon in die Indiese gemeenskap in KwaZulu-Natal. Bid asseblief dat die Kerk God se opdrag sal gehoorsaam en ook na die Hindoe-gemeenskap in ons land Suid-Afrika sal uitreik. Bid dat die Kerk wysheid sal hê oor hoe om teenoor Hindoes van die liefde van Christus te getuig.